# Dagstukkies 15

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 15

Danie Nell

# DAGSTUKKIES

# (NOMMER 15)

**Deur die jare was dit nog altyd vir my 'n vreugde om Dagstukkies te skryf – en om te kon sien wat dit vir Gelowiges beteken het.**

**Wat my verder verbly het was dat van my lesers dit weer gedeel het met ander – hier in ons land en selfs oorsee.**

**Ek vra dat daar vir my gebid word dat ek altyd "skerp" sal bly om die regte woord te bring wat daardie dag nodig sou wees.**

**.**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danie.nell1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

**God dra ons – dag vir dag**

**Psalm 68:20** NAV: *"Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp!"*

Daar is baie Skrifgedeeltes in die Bybel wat ons vertel dat God ons dra. Ons teks is een van die mooistes. In Jes. 40:11 lees ons dat God ons in Sy arms sal dra soos wat 'n herder sy lammers sal dra. Ek haal die teks aan soos volg: *"Hy sal Sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in Sy arm vergader en aan Sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei."*

Dan kry ons die belofte in Jes. 46:3,4: *"Luister na My…julle wat deur My gedra is van die moederskoot af, opgeneem is van die geboorte af; en tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra…"* Indien jy nog nie 'n gryskop is nie, deel hierdie belofte met iemand wat dit moet hoor.

Ons lees in Deut. 1:31 dat God vir Israel herinner het hoe Hy hulle in die woestyn gedra het. Ek wil glo dat God jou en my ook tot vandag toe gedra het, anders sou ons dit nooit kon maak nie. Alles was net genade, tot hierdie dag.

Waar ons nie meer self kon loop nie, was God daar om Sy hand onder ons in te steek en ons te dra. In Joh. 10:27,28 sê Jesus: *"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My…en niemand sal hulle uit My hand ruk nie."*

Onthou hierdie waarheid as jy moeg word, dat God jou dra.
En weet dat Hy jou nie net soms wil dra nie, maar dag vir dag.
Loof en prys die Here omdat jy daarvan bewus is!

# Die antwoord is op pad

**Lukas 18:1** *"En Hy (Jesus) het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie."*

In hierdie Skrifgedeelte vind ons die verhaal van die weduwee wat nie moed opgegee het om haar behoefte aan 'n onregverdige regter in 'n stad bekend te stel nie. Hy moes toe reageer op haar versoek om haar te help. Hoeveel temeer sal 'n regverdige God ons nie ook wil help nie? (Lees gerus die verhaal in Lukas 18:1-8)

Soms kom daar dadelik antwoord op ons gebed – maar dan is daar tye dat ons 'n tyd moet wag voordat die antwoord kom. Genesing werk ook so – soms maak die Here dadelik gesond, en ander kere neem dit 'n tyd. Dink aan die tien melaatse manne wat Jesus genees het. Ek wil glo toe Jesus met hulle gepraat het was hulle genesing reeds aan die werk. Maar eers op pad na die Priester, wat hulle rein moes verklaar, het hulle gemerk dat hulle gesond is. Ongelukkig het net een omgedraai om vir Jesus dankie te kom sê.

Ons lees dat Daniël een-en-twintig dae moes wag voordat sy ernstige gebed en vas beantwoord was. Lees gerus weer die verhaal in Daniël 10. Dit was in die tyd van Kores, die koning van Perse. Kores was die heidense koning wat God gesalf het sodat hy Israel uit slawerny kon terug stuur na Jerusalem. Dit is ook hy wat hulle gehelp het om Jerusalem weer te kon herbou. (Jes. 45; Esra 1)

Moenie moedeloos word as jy lank moet wag nie.
Onthou soms sluit die laaste sleutel in die bos die deur oop.
Die antwoord op jou gebed is op pad – jy moet nie moed verloor nie.

## Wil jy lank lewe?

**Psalm 34:13,14** Die Lewende Bybel: *"Wie van ons wil nie graag aanhou lewe nie? Ons wil almal lank lewe en die lewe geniet. Maar dan moet 'n mens oppas om nie verkeerde dinge te praat nie."*

Ek het eenmaal, jare gelede, in 'n kerk die jongmense gevra of hulle lank wil lewe? Tot my skok het die meeste my laat verstaan dat hulle nie lank wil lewe nie. Waarom dit gebeur het kon ek nooit verklaar nie. Dit is jammer as van ons jongmense nie 'n toekoms vir hulleself sien nie.

Die belofte in Jer. 29:11 bly tog so treffend, naamlik: *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"* Nie een van ons weet hoe lank gaan ons lewe nie, maar leef met 'n passie om jou beste te gee omdat jy weet dat God 'n plan met jou lewe het. En soos hierdie teks ons leer is Sy plan voorspoed en nie teenspoed nie.

Indien jy jou lewe wil geniet moet jy kennis neem van ons teks in Psalm 34:13,14. Dan moet jy oppas om nie verkeerde dinge te praat nie. Jy sien, daar is baie mag in dit wat ons sê. Jy weet van die teks in Spr. 18:21 wat sê dat daar dood en lewe is in die mag van die tong. Tog praat ons baie keer verkeerde dinge – wat ons nie moet doen nie. Wees versigtig wat jy toelaat om uit jou mond te kom.

Die wyse Salomo het ook eenkeer gesê in Spr. 13:3: *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe."* Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"Iemand wat versigtig praat, beskerm homself…"*

Skep moed en besluit om 'n vol lewe te leef.
Sorg net om daarop te let dat jy nie verkeerde dinge praat nie.
Spreek ook lewe en seën uit oor jouself en ander.

## God se Woord is lewend, kragtig en skerp

**Hebreërs 4:12** *"Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge van die hart."*

Die Woord van die Here is lewend, kragtig en skerper as 'n tweesnydende swaard. Die woord "kragtig" wat in ons teks staan, kom van die Griekse woord "energes" wat "energiek" beteken. As jy meer energie soek, dan moet jy dit in die Woord soek.

God se Woord dring ook deur tot ons gewrigte en ons murg. Ja, tot in ons diepste dele van ons as mens. Al weet ek nie veel van die mediese wetenskap nie, weet ek een groot funksie van beenmurg is om bloedselle te produseer. In ons murg word selle geproduseer wat genesing bring vir ons hele liggaam. Wonderlik om te weet dat die Woord van die Here so kragtig en skerp is om diep in ons liggaam in te werk en selfs die verkeerde selle uit te roei sodat die gesonde selle sal groei om hul werk te doen. Dien ons nie 'n wonderlike God nie? Vertrou Hom opnuut vir genesing en herstel in elke deel van jou liggaam en gees. Die Here bly ons groot Geneesheer.

Natuurlik is ons teks daar om ons te wys hoe diep en kragtig kan God se Woord werk in ons lewens. Daar is nie 'n plek waar Sy Woord nie kan kom nie. Moet dus nooit jou Bybel, wat Sy Woord is, onderskat nie. Glo elke belofte en spreek dit oor jouself en jou geliefdes.

God se Woord sal nooit ledig tot Hom terugkeer nie.
Glo Sy Woord vir jou genesing en herstel in alles.
God weet wat jou diepste begeertes en gedagtes is.

## God se Vrede beskerm ons

**Filippense 4:7** *"En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus."*

Die Lewende Bybel: *"Dan sal God julle Sy wonderlike vrede gee wat 'n mens nooit met jou verstand kan verklaar nie. Sy vrede sal wag hou oor julle harte en julle gedagtes omdat julle aan Christus Jesus behoort."*

Het jy geweet dat die woord "vrede" in Hebreeus "Shalom" is? In Engels beteken dit die volgende: "Completeness; wholeness; health; peace; safety; prosperity; fullness; rest and harmony."

Een ding wat God se vrede doen is dat dit wag hou oor ons harte en ons gedagtes. Ons word hoofsaaklik aangeval in ons gedagtes. As jy nie versigtig is nie sal dit wat jy dink jou lei na groot probleme. Daarom is dit belangrik om reg te dink voordat jy optree. Geen wonder dat Paulus gesê het in Fil. 4:8: *"Verder…alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik, alles wat loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."*

Die Boodskap se vertaling van Fil. 4:8 is: *"Dink aan dit wat vir God saak maak, dinge wat ordentlik en reg is, dinge waaraan God sal dink en waarvan Hy sal hou, dinge wat God sal sê goed is…Hou julle besig met dinge wat die moeite werd is en wat God in 'n goeie lig sal stel."*

Doen en dink wat in Fil. 4:8 staan, as jy vrede begeer.
God se vrede sal beskerming bied en wag hou oor jou denke.
Dit sal jou veilig bewaar, jou gesond hou en voorspoedig maak.

## Gee met blydskap

**2 Korinthiërs 9:7** *"Laat elkeen gee soos hy om sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."*

Daar is mense wat sê jy moet gee totdat jy seerkry. Jy moenie na hulle luister nie. God wil geskenke ontvang wat met vreugde gegee is. Dit is wat God gelukkig sal maak. Soos ons teks sê moet jy, voor jy gee, in jou hart 'n besluit neem om nie met 'n seer hart te gee nie. Dit was vir my wonderlik die eerste keer toe ek by 'n kerk se konferensie gesien het hoe duisende mense uithardloop om hulle offerande met blydskap in groot houers te kom plaas. Dit sien jy nie maklik nie.

Een van die mooiste vertalings van ons teks vind ons in 'The Amplified Bible'. Ek haal 'n gedeelte van hierdie vertaling aan: *"…God loves (He takes pleasure in, prizes above other things, and is unwilling to abandon or to do without) a cheerful (joyous, 'prompt to do it') giver [whose heart is in his giving]"*

Het jy ooit al gedink om geld wat jy in die kerk se offerande moes plaas, eerder te gebruik vir iets anders? Moet nie toegee aan 'n versoeking soos hierdie nie. Gee aan die Here wat Hom toekom en wat Hy op jou hart gelê het om te doen. Lees weer 'n slag Maleági 3:8-10. Vra die Here om jou altyd 'n hart te gee vol blydskap wanneer jy jou offerande kerk toe neem, en as jy iets sou gee aan 'n persoon. Lees gerus weer 2 Kor. 9:8 dan sal jy sien dat God wil hê jy moet genoeg hê sodat jy ook vir ander genoeg kan gee.

Neem 'n besluit om 'n gewer te wees – en leef daarvolgens. Wanneer jy gee begeer dat jy altyd met blydskap dit sal doen. Dit is baie beter om te gee as om te ontvang. (Hand. 20:35)

# Wat bring ware geluk?

**Psalm 1:1,3** Die Lewende Bybel: *"Die ware geluk kry 'n mens by iemand wat nie na die ongelowiges se raad luister nie, en ook nie die sondaars se voorbeeld volg of maats maak met dié wat vir God verwerp nie…Hy is soos 'n vyeboom by 'n waterstroom wat elke jaar vrugte dra en sy blare nooit verloor nie. So iemand maak 'n sukses van alles wat hy aanpak."*

Lees ook gerus Jeremia 17:7,8 wat weer hierdie waarheid bevestig. 'n Gesonde boom dra gesonde vrugte en 'n boom word geken aan sy vrugte. Net so is dit met ons as mens wat vrugbaar is – dit bring vir ons geluk en gee 'n doel waarvoor ons lewe.

Jesus het ook gesê in Matt. 12:33: *"Julle moet óf die boom goed maak en sy vrugte goed, óf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken."* Die Boodskap vertaal hierdie teks so treffend: *"Julle weet mos dat sekere bome lekker eetbare vrugte dra, terwyl ander bome se vrugte nutteloos is omdat dit 'n hopelose boom is. 'n Mens weet of 'n boom goed of sleg is deur na sy vrugte te kyk. Net so is dit met mense. Moet julle dus nie dom hou nie. Eetbare vrugte kom nie van nuttelose bome af nie."*

'n Boom hou nie sy vrugte vir homself nie, en hoe meer hy "weggee" hoe meer kry hy nuwe vrugte. Wanneer jy iets gee – vir die Here óf vir iemand – sal jy vind dat jy meer terug sal ontvang volgens Lukas 6:38.

Bepeins Psalm 1:1-3 indien jy ware geluk soek.
Besluit om 'n "gesonde boom" te wees wat goeie vrugte dra.
Sorg ook dat jy geplant bly by die regte waterstrome.

## Om God te aanbid

**Johannes 4:23,24** Die Lewende Bybel: *"Daar kom 'n tyd wanneer mense wat God werklik aanbid deur die Heilige Gees gelei sal word en hulle sal God met 'n eerlike hart aanbid. Daardie tyd het nou aangebreek. Die Vader wil hê dat mense wat Hom aanbid, so moet bid. God is Gees, en 'n mens wat Hom wil aanbid, moet gelei word deur die Heilige Gees en met 'n eerlike hart bid."*

Waarom moet ons God aanbid? Die beste antwoord op hierdie vraag sal jy vind in Psalm 103. In verse 2,3 lees ons: *"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie! Wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou krankhede genees."* As God jou vergewe en genees het, behoort jy om Hom te aanbid en Hom te loof. God het sekerlik vir jou en jou geliefdes al wonders gedoen?

Ons aanbid God omdat Hy ons verlos het uit die mag van die bose, soos wat ons lees in Ps. 103:4: *"Wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede."* Verder aanbid ons God omdat Hy ons nie hanteer volgens wat ons verkeerd gedoen het nie. Die Boodskap vertaling stel dit soos volg in Ps 103:10: *"Die Here sal jou nie aanhou straf vir die verkeerde dinge wat jy gedoen het nie. Ook bly Hy nie vir altyd kwaad oor iets nie."* Dit is genoeg rede waarom ons God gedurig moet loof en prys.

Geen iets wat ek vir God doen moet belangriker wees as dat ek Hom moet aanbid nie. Volgens ons teks soek God mense wat Hom sal aanbid in gees in in waarheid. Indien God sulke mense soek dan het Hy 'n behoefte daaraan. Ware aanbidding is wanneer alles wat ons is, reageer op alles wat Hy is.

Ons moet 'n besluit neem om 'n ware aanbidder te wees.
Net soos die dag wat jy besluit het om tot bekering te kom.
Sê vir God dat jy jou opnuut aanmeld as 'n ware aanbidder.

## God wil jou sterk maak

**Psalm 103:1,5** Die Boodskap: *"Ek wil die Here loof. Met alles in my wil ek die Here se grootheid prys…Die Here oorlaai my met al die goeie dinge in my lewe. Hy gee my arms vol krag. Hy maak my so sterk soos 'n jongmens."*

God wil ons sterker maak, selfs in ons ouderdom. Is dit nie wonderlik om dit te hoor nie? Ons lees in Psalm 92:15 (NAV) *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle (hier word verwys na God se kinders) nog toeneem in krag. (Hoor wat belowe die Here ons) Hulle sal fris en lewenskragtig wees."* Glo hierdie belofte en leef daarvolgens.

Glo ook ons teks vandag, naamlik dat die Here jou wil oorlaai met al die goeie dinge in die lewe. Glo ook dat Hy jou "arms vol krag" wil gee – ja, dat Hy jou sterk wil maak soos 'n jongmens. Al voel jy nie op hierdie oomblik so nie. Onthou dat volgens Heb. 11:1 gaan geloof nie oor die dinge wat ons kan sien nie, maar oor die dinge wat ons hoop. Moet dus nooit jou hoop verloor nie.

Of jy jonk is of 'n persoon in jou jare, spreek dit in jou liggaam aan wat jy sterker wil sien. Natuurlik moet ons deur oefen en reg eet na ons liggame omsien. Maar om te glo dat God jou wil sterk maak, is iets wat jy moet bly glo. Maak soos ek maak, en dit is om baie keer met myself in die spieël te praat en dinge in my liggaam, asook in my gees aan te spreek. Vir my werk dit en dit sal vir jou ook werk, want daar is mag in ons woorde.

Dit is 'n voorreg om die hemelse Vader onse Vader te maak.
Glo in elke belofte in die Bybel (Sy Woord) en spreek dit uit.
Die Here is 'n waarmaker van Sy Woord en Hy sal dit bevestig.

## Wees lief vir God se Woord

**Psalm 119:105,140** *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.*
*U woord is deur en deur gelouter, en U kneg het dit lief."*

Dit is altyd 'n goeie besluit om God se Woord te lees en te bestudeer. Maak ook gebruik van verskillende Vertalings en 'n goeie Woordeboek, wanneer jy die Bybel studeer. Besoek ook 'n kerk waar die suiwere Woord bedien word, sodat jou geloof kan groei. Verstaan wat geskrywe is in Rom. 10:17 *"Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."* Hoe meer jy God se Woord hoor, hoe meer sal geloof in jou kan groei.

Maar jy moet ook God se Woord wat jy gehoor het, bely – dit meen jy moet dit openlik te verklaar – en dit ook meedeel aan ander. In Rom. 10:6 lees ons: *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van geloof wat ons verkondig."* Hoe voller jou hart is van die woord van die Here, hoe meer sal dit uit jou mond kom. Waarvan die hart vol is, sal die mond oorloop!

Volgens 2 Petrus 1:5-7 is dit nodig om die volgende by jou geloof te voeg: Deug, kennis, selfbeheersing, godsvrug, broederliefde en naasteliefde. Hierdie dinge sal jou geloof in God waarde gee, asook vastigheid. Ons kan mos nie sê dat ons geloof het, maar het nie naasteliefde of selfbeheersing nie?

Wandel volgens die Woord en jy sal nie struikel nie.
God se Woord is oor-en-oor beproef – en staan vas.
Sê vir die Here dat jy waarlik Sy Woord liefhet en daarop bou.

## Gelukkige mense

**Psalm 84:6-8** Die Boodskap: *"Gelukkig is mense wat hulle krag by U soek en wat altyd droom oor hoe hulle U huis gaan besoek. As hulle deur 'n droë vallei gaan, breek die aarde in fonteine oop en sak die vroeë reën uit sodat daar oral poele water staan. Aan hulle is daar geen keer nie; hulle pad sal by God in Jerusalem eindig. U gee hulle die krag daarvoor."*

Gelukkige mense is miskien nie so volop te vind nie, nie as jy kyk na mense in die winkels en op straat nie. Indien ons mense sou beoordeel op hulle gesigte en optrede dan kom jy tot hierdie gevolgtrekking dat almal nie gelukkig is nie. Maar dank die Here, daar is gelukkige mense. Ek vertrou jy is ook een van hulle?

Indien ons 'n antwoord sou soek watter mense gelukkig is, glo ek dat ons goeie antwoorde vind in ons teks van vandag. Dit begin om vir ons te vertel dat 'n gelukkige mens is iemand wat sy krag by God soek. Dit is ook iemand wat begeer om die huis van die Here te besoek. Dawid was hierdie tipe mens. Hy skryf in Psalm 122:1 *"Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan!"* Indien jy dit ook kan sê sal jy tel onder 'n gelukkige mens.

Wat so treffend is van iemand wat gelukkig is, is dat wanneer hulle deur moeilike tye moet gaan, vind hulle dat *"die aarde oop breek in fonteine en sak die reën uit"* wat beteken dat hulle ook ander gelukkig maak. Hulle les ook ander se geestelike dors met God se water wat deur hulle vloei.

Toets jouself of jy waarlik 'n gelukkige mens is.
Toets jou by ons Skrifgedeelte wat ek met jou deel.
Mag jy oorloop van geluk sodat jy dit na ander kan oordra.

# Jakob of Israel?

**Genesis 32:24-28** *"Jakob het alleen daar agtergebly, en 'n Man het tot dagbreek met hom gestoei. Die Man het vir Jakob gesê: 'Los my, want die dag breek.' Jakob het geantwoord: 'Ek sal jou net los as jy my seën.' Toe vra die Man: 'Wat is jou naam?' en hy antwoord: 'Jakob.' Die Man het gesê: 'Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou."*

Die verhaal van Jakob begin in Genesis 25. In Gen. 27 lees ons hoe Jakob sy vader Isak bedrieg het om sodoende die seën van Esau, die oudste, te bekom. Vandaar ken ons Jakob as die bedrieër. Dit is ook wat sy naam beteken.

Maar nadat Jakob met die Engel van die Here geworstel het, en oorwin het, het God sy naam verander na Israel. (Gen. 32) Die naam Israel beteken: "Jy het met God geworstel en het oorwin."

In almal van ons is daar 'n "Jakob" maar God wil ons help dat dit verander sal word na iemand wat met God ontmoet het en meer as 'n oorwinnaar geword het. Indien jy agterkom dat daar nog teveel van 'n "Jakob" in jou is, soek 'n vars ontmoeting met die Here sodat hy jou hele karakter kan verander. Hy wil dit graag vir jou doen.
Dit is ook daarom dat Paulus geskryf het in Rom. 12:2: *"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed."*

Gewaar jy ook dat jy deur 'n geestelike worsteling gaan?
Gee oor aan die Here, wat tog magtiger is as ons.
Net God kan veranderings bring, wat enige waarde het.

## Dié wat God vrees

**Maleagi 3:16** *"Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk en gehoor en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en sy Naam eer."*

Om God te vrees beteken om ontsag en eerbied vir Hom te hê. Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Toe het die mense wat die Here liefhet, met mekaar oor die Here begin praat. Die Here het baie mooi na hulle geluister. Dit het sy hart geraak. Hy het seker gemaak dat hulle name in sy persoonlike dagboek opgeteken word sodat Hy nooit van hulle vergeet nie."*

Elke keer wanneer jy in die Bybel lees van die vrees van die Here, moet jy verstaan dat daar verwys word na die ontsag en eerbied van die Here. Ek deel met jou van die Skrifgedeeltes wat praat oor die vrees van die Here.
*Spr. 1:7 "Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis."*
*Spr. 8:13 "Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is."*
*Spr. 14:27 "Die vrees van die Here is 'n fontein van die lewe."*
*Spr. 16:6 "Deur die vrees van die Here wyk 'n mens af van die kwaad."*

Ons soek vandag geestelike leiers wat God se kinders sal leer hoe om God te vrees. Lees weer 2 Konings 17:24-28.
Dawid het geweet watter waarde daar was om God te vrees, toe hy Ps. 34:9,10 geskryf het: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees en red hulle uit...Vrees die Here, o sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie."* Wat 'n wonderlike belofte!

Ons wat God vrees moet meer met mekaar praat.
God wil daarna luister en dit sal Sy hart bly maak.
Hy sal ons gesprekke opteken in Sy dagboek.

## Bid vir wonders en tekens

**Markus 16:15,20** *"Hy het vir hulle gesê: Gaan uit, die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom...Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur wondertekens wat daarop gevolg het."*

Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"Waar hulle dit vertel het, het die Here ook gewerk, en deur die wonderwerke wat daar gebeur het, het Hy ook bewys dat die boodskap waar is."* Dit beteken: Indien ons vandag nie wonders en tekens sien nie, meen dit dat ons nie die volle boodskap van die evangelie verkondig nie. Dink mooi oor wat jy nou gelees het.

Ek is oortuig dat as ons weer die volle waarheid van God se Woord sou bring, sal ons dieselfde resultate sien as wat daardie eerste dissipels gesien het. Ek hoop jy stem saam met my, en is bereid om te bid vir wonders en tekens? God wil Sy krag en heerlikheid openbaar deur wonders en tekens. Mag ons weer ervaar soos wat gebeur het met die lam man in Hand. 3. Die Joodse Raad moes erken dat dit God was wat hierdie man van lamheid genees het. In Hand. 4:14 staan daar geskrywe: *"En omdat hulle die man wat genees was, by hulle sien staan het, kon hulle niks daarteen sê nie."* God wil so werk dat niemand daarteen iets kan sê nie.

Ons dien 'n God wat graag wonders en tekens wil doen.
Hy wil dit doen vir jou geliefdes, asook vir jou gemeente.
Bid daarom vir wonders en tekens by elke diens wat jy bywoon.

## Om in Christus te wees

**Efesiërs 1:7** *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade."*

In Efesiërs een, kom die woorde van "In Hom" en "In wie" 'n paar keer voor. Het jy al gedink wat dit regtig beteken om "in Christus Jesus" te wees? As ons die waarde hiervan verstaan, bring dit groot geestelike oorwinnings vir ons.

Jy sien, dit is in Hom dat ons verlossing ontvang het deur Sy bloed. Dit is in Hom dat ons deel kan wees van soveel seëninge, wat God vir ons voorberei het. Soek alle tekste op waar jy lees wat ons is en kan verkry in Christus. Merk hierdie Skrifte in jou Bybel en mediteer daaroor totdat die waarheid daarvan tot jou gees deurdring. Dit sal vir jou 'n wapen wees teen enige aanval van die bose.

Wanneer jy aangeval word met mismoedigheid sal hierdie waarheid, wat jy in Hom is, jou help om te kan oorwin. Jy sal weet dat daar werklik geen veroordeling is vir die wat in Christus is nie. (Rom. 8:1) Jy sal weet omdat jy in Hom is kan niks jou skade doen nie, want jy is God se oogappel. Jy is ook verseker van 'n oorwinning as jy vir eens en vir altyd weet dat jy in Jesus Christus is.

Maak opnuut seker wat jou posisie in Christus is.
Jy is geen bedelaar nie, maar 'n duur gekoopte kind van God.
En jou vergifnis van sonde is deur die rykdom van Sy genade.

# God is aan ons kant

**Romeine 8:31** *"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?"*

As God aan ons kant is, dan is ons mos aan die wen kant? Hoekom tree ons baie keer op soos mense wat nie gaan wen nie? Het jy gesien dat baie Engelse speletjies begin met 'n "Start" en dit eindig met 'n "Finish." Ons as God se kinders moet leer om alles aan te pak by die "Finish" en nie by die "Start" nie. Ek sê dit want Christus het reeds die wedloop voltooi. Hy het ook ten volle betaal vir ons redding, genesing en voorsiening.

Kom ons bely dat God aan ons kant is en dat ons in Hom reeds oorwin het. Sê dan hoorbaar: *"Wie sou dit dan nog waag om teen ons te wees?"* Laat die woorde wat Moses vir Israel gegee het met hulle deurtog deur die Rooisee, ook joune wees. Ex. 14:14: *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."* Die Boodskap vertaal dit met: *"Wees julle maar net kalm. Die Here sal in julle plek veg."*

Ek onthou nog so duidelik hoe my ouer broer vir my kom intree het, as iemand op skool my wou aanvat. Hy het tussen my en die groter seun kom staan om my te beskerm. En baie keer was ek die sondebok wat die rusie veroorsaak het! Wat hy gedoen het was elke keer tot my redding. God tree ook in wanneer ons 'n neerlaag in die gesig staar.

Die Boodskap vertaal ons teks met:
*"Wat is ons gevolgtrekking oor alles wat ons tot nou toe gesê het? Dit: God is aan ons kant. Wie sou dit dan nog waag om teen ons te wees?"*

## Ons geestelike wapens

**Efésiërs 6:11** *"Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste (die planne) van die duiwel."*

Dank God die kragtige wapens wat ons nodig het om die duiwel en sy magte te oorwin is nie op pad na ons toe nie, dit is reeds daar tot ons beskikking. Ons moet dit net ons eie maak en dit gebruik, soos wat ons dit nodig het.

Paulus sê in 2 Kor. 10:4: *"Ek gebruik dan ook nie die wapens waarmee mense veg nie, maar die magtige wapens wat God ons gee om die stellings van die duiwel af te breek."*
(Die Lewende Bybel)

Ef. 6:13-19 lees soos volg in Die Boodskap: *"Dit is die klere wat julle moet aantrek om te keer dat die duiwel iets aan julle doen: Die waarheid moet jy soos 'n belt om jou middel vasbind. Die wete dat God jou van al jou sondes vrygespreek het, moet soos 'n stuk staal jou bors beskerm. Jy moet altyd gereed wees om vir ander te vertel van die vrede wat Jesus vir ons bring. Dit moet soos skoene aan julle voete wees. Dan is daar nog jou geloof. Die intieme verhouding met die Here moet soos 'n skild wees waarmee jy al die giftige aanvalle van die bose keer en eenkant toe slaan. Jy is nie meer in die kloue van die sonde nie; nee, jy is gered. Dit is soos 'n ysterhelm wat jou gesig en kop beskerm. Die boodskap van God is soos 'n swaard wat die Heilige Gees vir jou gee om die stryd mee te voer. Dit maak nie saak wat gebeur nie, julle moet altyd bid…"*

Neem opnuut kennis van al die wapens wat God jou gee.
Dit is net God se wapens wat jou sal help om te oorwin.
En weet een ding: Die vyand is reeds oorwin!

# Kom ons bid vir herlewing

**Psalm 85:7** *"Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie?"* New King James: *"Will you not revive us again, that Your people may rejoice in You?"*

Ons Skriflesing van vandag kom in die vorm van 'n gebed. Ek hoop jy verlang ook, soos ek, na herlewing – en bid ernstig daarvoor? Soos in koning Hiskia se geval, sal ons die pad moet voorberei vir 'n herlewing. In 2 Kron. 29:3 lees ons dat Hiskia die deure van die huis van die Here oop gemaak het. Dit is waar ons moet begin.

Jy sien, Hiskia se oupa Jotam, het glad nie kerk toe gegaan nie. (2 Kron. 27:1,2) Agas, Hiskia se pa, het nog meer kwaad gedoen – hy het die gereedskap in die huis van die Here stukkend geslaan en die deure toegesluit sodat ander nie kon ingaan nie. (2 Kron. 28:24) Die deure van die Here se huis is vir baie toegesluit omdat lidmate die aanbidding en prediking afgebreek het. Aanbidding in die kerk gaan nie oor jou en my nie, maar oor God wat aanbid moet word.

Herlewing moet begin by die leiers. Hulle moet mense wees wat met opregte toewyding, geestelike pilare in diens van God te wees. Daarom moet ons altyd ernstig vir hulle bid.

Nog 'n les wat ons by Hiskia kan leer is, dat voordat herlewing in sy tyd gekom het, het hulle offers vir die volk se sondes gebring. (2 Kron. 29:21) Indien ons ware herlewing begeer sal ons eers ons sondes voor God moet bely. Daniël het sy sonde en dié van sy volk bely, voordat die oorwinning gekom het. (Dan. 9:3-5 en 17-19)

As daar ooit herlewing nodig was, dan is dit vandag.
God wil die geestelike droë bene weer lewendig maak.
Die Here soek 'n magtige leer wat Hy kan gebruik.

## Wat gebeur as ons God aanbid?

**Johannes 4:23,24** *"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."*

Om God te aanbid, en om dit in gees en waarheid te doen, is Jesus se opdrag aan ons. Maar my vraag is: Wat gebeur as ons God aanbid? Een ding wat verseker sal gebeur is dat ons bewus sal word van God se teenwoordigheid. God sal Homself aan ons openbaar.

As ek en jy met opregtheid God aanbid, sal Hy nuwe mense tot die gemeente voeg. Dit is wat in Jerusalem gebeur het. Ons lees in Hand. 2:47 dat die Here daagliks by die gemeente gevoeg het dié wat gered is. Die Boodskap vertaal hierdie teks met: *"Hulle het God heeltyd geprys omdat Hy so groot en goed is...Almal het daaroor gepraat. Daarom het daar elke dag baie mense tot geloof in Christus gekom."*

Wat ook sal gebeur is dat ons vyand sal verneder word. Lees weer in 2 Kron. 20 hoedat die Here in die tyd van koning Josafat vir Israel oorwinning gegee het oor hul vyande. Dink ook daaraan hoe God vir Paulus en Silas oorwinning in die tronk gegee het, toe hulle God aanbid het. (Hand. 16) Praat nie eers van hoe Jona verlos is uit die binneste van 'n vis, toe hy God aanbid het nie. (Jona 2:1-9) As jy begeer dat jou probleme van jou ontslae moet raak, kan jy gerus God met oorgawe loof en prys.

Meld jouself elke dag aan as 'n ware aanbidder.
Moet nooit skaam wees om dit te kan doen nie.
God is waardig om heelhartiglik aanbid te word.

## Die waarde van Geduld

**Psalm 27:14** *"Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die Here!*

Vir die mens is dit een van die moeilikste dinge om te doen, naamlik om te wag. Het jy geweet dat: 'Geduld is die vermoë om 'n lang tyd kalm te wag en vertragings te aanvaar sonder om kwaad of angstig te raak.' Jy het seker ook gehoor van die man wat gebid het: "Here, gee my meer geduld maar gee dit nou!"

Geduld is om nie kort van draad te wees nie. Geduld is om aan te hou, al wou jy reeds lankal opgehou het. Geduld is om jouself te dissiplineer. Ek deel met jou Skrifgedeeltes wat wys hoe iemand is wat die waarde van geduld ontdek het.
Spr. 14:29: *"'n Geduldige mens is baie verstandig; een wat kort van draad is, stel sy dwaasheid ten toon."* Spr. 16:32: *"'n Geduldige mens het meer waarde as 'n bedrewe vegter, 'n mens met selfbeheersing meer as iemand wat 'n stad inneem."* Spr. 25:15: *"Met geduld kan iemand in 'n magsposisie tot ander insigte gebring word; met 'n versigtige benadering word weerstand afgebreek."*

Kan jy sien watter waarde het geduld? Moenie jouself afkraak nie want ek werk ook aan my geduld. Impulsiewe mense moet ekstra aandag gee om geduld te beoefen. Een plek waar ons baie geduld moet beoefen is wanneer ons op God wag in gebed. Daar is 'n spreekwoord wat sê: "Dit is soms die laaste sleutel in die bos wat die deur oopsluit."

Een deel van die vrug van die Gees is lankmoedigheid. Begeer jy dat die Here jou sal antwoord as jy bid vir genesing? Dan moet jy lankmoedigheid (of dan geduld) beoefen.

## Die Naam van Jesus

**Openbaring 19:11,13** *"Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid…En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God."*

Deur die jare het ek geleer dat daar onbeperkte krag en mag is in die Naam van Jesus Christus. Baie keer kan ons net Sy Naam uitroep teenoor 'n probleem of selfs wanneer ons deur die bose aangeval word. Geen mag en geen owerheid kan staan voor die Naam van Jesus nie.

Nadat Petrus die kreupel man in Hand. 3 by sy hand gegryp het en hy opgespring het, en saam met Petrus en Johannes in die tempel ingegaan het – wou die mense weet wat gebeur het. Petrus se antwoord vind ons in Hand. 3:16: *"En deur <u>die geloof in sy Naam het sy Naam</u> hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal."*

Daar is ook geen ander Naam waardeur iemand gered kan word nie, as net deur die Naam van Jesus. Lees Hand. 4:12. Ek onthou hoe ek, as 'n sestien-jarige seun ook 'n kind van God geword het. Dit was op 'n plaas in Limpopo, waar ek langs my bed gekniel het en Jesus aangeneem het as my Saligmaker – volgens Joh. 1:12.

Van Jesus Christus lees ons in Joh. 1:1,14: *"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God…En die Woord (Jesus) het vlees geword en het onder ons gewoon…"*

## Die Kananése vrou

**Matthéüs 15:21-23** *"En Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek. En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie…"*

Om nie iemand te antwoord nie is nogal 'n klap in die gesig! Tog sien ons dit het nie hierdie vrou se moed gebreek nie. Miskien is jy ook op 'n plek waar jy voel asof die Here nie na jou luister in jou nood nie?

Kyk hoe tree hierdie vrou op. Vers 25 stel dit treffend in 'The Amplified Bible': *"But she came and, kneeling, worshipped Him and kept praying, Lord help me!"* Dit is wat ons ook moet doen. Nie in opstand kom nie, maar voor God neerval en Hom aanbid. Ons moet nie van die Here weg beweeg nie, maar Hom aanbid en bly glo.

Al was die volgende woorde van Jesus in vers 26 dat voorsiening net vir Israel as volk beloof was, het sy Jesus laat verstaan dat sy tevrede sal wees as sy net "krummels" kan ontvang. Haar gesindheid het Jesus se hart geroer, daarom kon Hy vir haar sê: *"o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af."* Dit is wat deursetting beteken vir iemand wat in nood is en weet God sal uitkoms gee.

Hierdie Griekse vrou leer ons om nie moed te verloor nie.
Dit wys vir ons ook hoe belangrik is die regte gesindheid.
Verander jou gesindheid, dan verander jou omstandighede.

## Oordeel – veroordeel – vry spreek

**Lukas 6:37** *"En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."*

As jy iemand oordeel of veroordeel beteken dit dat jy reeds daardie persoon skuldig verklaar het. En dit kan ons soms so maklik doen, selfs sonder dat ons al die feite rakende 'n persoon geken het. In ons Skrif waarsku Jesus ons om dit nie te doen nie. Inteendeel, gee Hy ons die goeie raad om mense vry te spreek.

Ons moet leer om mense vry te spreek, nie omdat hulle dit nodig het of verdien nie, maar omdat ons vry wil wees. As ons hierdie waarheid kan leer, en beoefen, het ons 'n groot tree vorentoe gegee in ons pad na geestelike volwassenheid.

Neem kennis van ons teks. Jy "dink" nie net om iemand vry te spreek nie, jy besluit om iemand "vry te spreek" met jou mond. Daarom leer ons in die Bybel baie oor die mag en krag in ons mond. Lees weer Spr. 18:21. Geloof werk deur ons mond. Rom. 10:8: *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart."* Ons lees ook in 2 Kor. 4:13: *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."*

Om te oordeel en te veroordeel, word verbied.
Om vry te spreek, word deur God aanbeveel.
Dit is hoe ons ook bevry word in ons binneste.

# Jesus doop met die Heilige Gees

**Johannes 1:33** *"En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop."*

Johannes het geweet waarvan hy praat omdat hy gesien het hoe die Heilige Gees op Jesus neergedaal het in die Jordaan rivier. Dit was toe hy vir Jesus in water gedoop het. Dit word duidelik beskrywe in Matt. 3:13-17.

Ek glo dat die Heilige Gees 'n aandeel het by ons wedergeboorte. Dit is Hy wat ons oortuig van sonde en ons help om 'n nuwe skepping te word volgens 2 Kor. 5:17. Tog glo ek dat daar 'n aparte ervaring is wanneer ons gedoop word met die Heilige Gees. Graag vergelyk ek dit met die Nylrivier in Egipte. Sedert Egipte ontstaan het, bestaan die Nylrivier. Maar daar is tye dat die Nylrivier oorstoot oor sy walle. Dit is dán dat die Egiptenare plant in daardie oorstoot gedeeltes – want die res is dooie woestyn sand.

Ek glo dat die doping met die Heilige Gees is wanneer Hy in Sy volheid ons lewens oorvloei. Die vrugbaarheid in ons (wat die Gees bring) "stoot oor" sodat ons vrug voortbring. Net God se Gees kan ons vrugbaar maak. Dink aan Gal. 5:22: *"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."* Alleenlik as ons "oorloop" van God se Gees, sal hierdie deugde uit ons vloei na ander.

Het jy 'n dors na die volheid van God se Gees?
Want net hulle wat dors is sal kan ontvang.
Mag ons oorborrel van die vrug wat Sy Gees aan ons gee.

## Die Volmaakte Liefde

**1 Johannes 4:18** *"Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie."*

Natuurlik besef ons dat hierdie "volmaakte liefde" alleenlik God se liefde kan wees. Hierdie wêreld loop oor van vrees. Mense voel onveilig, want dit is die pandemie, dit is kapings, dit is siektes, dit is skelms wat jou foon wil gryp, en so kan ons aanvul op hierdie lys. Maar dank God, ons as God se kinders leef nie in vrees nie. Ons het God se liefde wat alle vrees na buite dryf, menende weg van ons af.

Die man en vrou wat die Here ken, kan uitroep saam met Psalm 112:7: *"Hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die Here."* Dit sê jy as jy God se liefde in jou hart het. Ek is so dankbaar dat daar geskrywe staan in Rom. 5:5 dat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees. Toe ons jonk was het ons die volgende lied gesing: *"O, stort dit nou uit in ons siel, die liefde van Emmánuel. O stort dit nou uit in my siel."* Ons kan dit gerus weer sing!

Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"'n Mens hoef nie bang te wees vir iemand wat jou liefhet nie. God se volmaakte liefde vir ons verdryf dan ook ons vrees. By iemand wat vir God bang is, is daar ook die vrees dat God hom sal straf. 'n Mens wat hierdie vrees het, verstaan God se liefde nog nie behoorlik nie."*

Wanneer vrees jou wil oorval, sê ons teks in 1 Joh. 4:18. Maar glo dit ook met jou hele hart, en dank God vir Sy liefde. Laat toe dat Sy liefde deur jou ander mense sal bereik.

**Wees versigtig wat in jou hart aangaan**

**Spreuke 4:20-23** *"My seun, hoor wat ek vir jou sê, luister goed na my woorde! Moet dit nie vergeet nie, hou dit altyd in gedagte, want dit beteken lewe vir die wat daarna luister, 'n volle lewe vir hom wat dit besit. Wees veral versigtig met wat in jou hart aangaan, want dit bepaal jou hele lewe."*

As jy Spreuke 4 lees moet jy besef dat dit "Wysheid" self is, wat hier met ons praat. Wysheid is seker die belangrikste wat ons moet begeer. En soos ons teks dit stel, sal wysheid lewe gee aan hulle wat daarna luister. Jy sal wys wees as jy veral versigtig sal wees wat in jou hart aangaan. Luister dus na jou binneste, nie net rakende die geestelike deel van jou lewe nie, maar ook rakende jou liggaam. Hierdie is baie goeie raad.

Die Lewende Bybel sê in vers 23: *"…'n mens se hele lewe word deur jou gedagtes beheer."* Die OAV vertaal Spr. 4:23 met: *"Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe."* Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed."*
Onderstreep gerus al hierdie waarhede van vandag.

Soos jy dink so is jy. Indien jy jouself wil verander, werk aan dit wat jy elke dag dink. Dink goeie en geseënde dinge, dan sal jou lewe ook so wees.

Ons lewens sal anders wees as ons meer na God sal luister.
Laat toe dat God se stem altyd die sterkste een sal wees.
Mag jy dan die volle lewe in Hom elke dag ervaar.

## Hoe sien jy jouself?

**Numeri 13:33** *"Ons het daar ook die reuse gesien. Die Enakiete stam van hulle af. Ons was soos sprinkane in ons eie oë en so was ons ook in hulle oë."*

Israel het twaalf spioene gestuur om Kanaän te gaan verken. Ons teks was die woorde van tien van hierdie spioene, wat nie geloof in God gehad het nie. Hulle het hulself gesien as sprinkane – kan jy dit dink? Nie net het hulle hulself as sprinkane gesien nie, maar ook geglo dat die inwoners van Kanaän hulle ook as sprinkane gesien het.

Hoe sien jy jouself vandag? Sien jy jouself as die geseënde van die Here? Sien jy jouself as iemand wat meer as oorwinnaar is? Sien jy jouself as iemand wat 'n nuwe skepsel in Christus geword het? Sien jy jouself as iemand wat gewas is in die bloed van Jesus Christus? Ek hoop nie jy sien jouself, soos hierdie tien spioene nie? Jy is beslis geen "sprinkaan" nie.

Die rede waarom ons soms ons geestelike oorloë verloor, is nie omdat ons vyand so groot en sterk is nie, maar omdat ons onsself klein en onwaardig sien. As jy in jou eie oë 'n kragtelose gelowige is, sal die duiwel oor jou loop. Maar as jy jouself sien soos God jou sien, toegerus met die krag van God, sal die duiwel van jou af wegvlug. Doen wat geskrywe staan in Jak. 4:7. Maak ook seker dat jy vol is van God se Woord en Sy Gees, want dan sal jy enige aanslag kan oorwin.

Verhang die bordjie en laat die duiwel voel soos 'n sprinkaan!
Maak seker dat jy jouself sien soos wat God jou sien.
Jy is geseënd, gesalf, gereinig en meer as oorwinnaar.

## Ons moet goeie nuus bekendmaak

**2 Korintiërs 5:18,19** Die Boodskap: *"Dit alles is God se werk. Hy het die vyandskap tussen ons en Hom uit die pad gevat toe Christus aan die kruis dood is. God het my nou in Sy diens geneem om vir ander te vertel van Sy versoening. Deur Christus se sterwe het God vrede tussen Hom en die wêreld kom maak omdat Hy nie langer mense se sondes teen hulle hou nie. Dit is die goeie nuus wat ek nou oral bekendmaak."*

Hierdie is 'n treffende woord. God hou nie langer mense se sondes teen hulle nie. Dit het gebeur toe Jesus vir ons aan die kruis gesterf het. Nou stuur die Here ons om aan ander ook te vertel dat God graag vrede met hulle wil maak, deur hulle sondes te vergewe. Ons teks word vertaal in Die Lewende Bybel met: *"Dit beteken dat God die mense met Homself versoen het deur die dood van Christus, want God sê hulle is nou nie meer skuldig oor die sonde wat hulle gedoen het nie. En nou stuur God ons na mense toe met die boodskap dat Hy die vyandskap, wat daar tussen Hom en ons was, weggeneem het."*

Daar is so baie negatiewe prediking wat vandag plaasvind. Kom ons wees nie deel daarvan nie. Maar laat ons besluit om die goeie nuus in ons Skrifgedeelte, aan ander oor te dra. Die woord "evangelie" beteken tog "goeie nuus" – hoekom is daar hulle wat met die swaard ore wil afkap? God kan na ons kom met 'n vermaning, maar Hy draai dit altyd toe met Sy liefde. Weet jy hoekom? Hy wil ons nie vernietig nie, maar ons red en bevry. Geen wonder dat Paulus geskryf het in 1 Kor. 2:2: *"...ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde."*

Laat ons boodskap hoop en verwagting bring aan mense.
Die goeie nuus wat ons bekendmaak sal mense red.
Kom ons besluit om die draer van Sy Evangelie te wees.

# Gawes en Vrug van die Gees

**1 Petrus 4:10** *"Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God."*

God het aan elkeen van ons, tenminste een gawe gegee. Daar is baie gawes, maar die Bybel verwys spesifiek na nege gawes asook nege vrug van die Heilige Gees. Die gawes word mooi verduidelik in 1 Kor. 12, terwyl ons lees van die vrug van die Heilige Gees in Gal. 5:22.

Jy sal dit baie interessant vind as jy die gawes van die Gees neerskryf teenoor die vrug van die Gees. Ek het dit gedoen, en gesien dat daar 'n perfekte balans is tussen die gawes en die vrug. 'n Woord van wysheid, staan teenoor liefde. Hoe meer ons in wysheid sal optree, hoe meer sal daar liefde wees. 'n Woord van kennis staan teenoor blydskap. Jy sal vind dat kennis sal aan jou blydskap gee.

Geloof staan teenoor vrede. Geloof sal nie veel beteken as dit nie vrede bring nie. Verder is dit ook treffend dat die gawe van genesing staan teenoor lankmoedigheid. Daarom moet ons met meer geduld bid vir mense wat genesing nodig het. Ek glo dat ons baie keer te haastig bid vir mense wat ernstig siek is. Vroeër het ons meer tyd geneem om vir 'n sieke te bid. Ek weet selfs van leiers wat by siekes gaan woon het om ernstig te bid totdat daar genesing gekom het. Beoefen dus geduld.

Kom ons dank God opnuut vir Sy Gawes en vir Sy Vrug.
Meer nog: Kom ons begeer ernstig God se genadegawes.
Hy wil jou en my gebruik – laat Hom toe om dit te doen.

**Deur Sy wonde het genesing gekom**

**Jesaja 53:5** *"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."*

Daar is uiteenlopende sieninge oor genesing. Ek glo God wil graag mense genees. Ek glo wat geskrywe staan in Ex. 15:26; Jes. 53:5, asook in 1 Pet. 2:24. Een van die mooiste verhale in die Bybel waar iemand gesond gemaak is, vind ons opgeteken in 2 Konings 20:1-6. Dit is waar God koning Hiskia genees het en nog vyftien jaar by sy lewe gevoeg het.

Het jy geweet dat Hiskia se oupa, Jotam, nooit kerk toe gegaan het nie? Hiskia se pa, Agas, het selfs verder gegaan en die kerk se deure vir ander toegesluit. Lees hiervan in 2 Kron. 27,28. Wat tot Hiskia se guns getel het was dat hy weer die kerk se deure oopgesluit het en God se huis geheilig het. (2 Kron. 29)

Ek kan nie glo dat God siek maak en dan weer gesond maak nie. 'n Koninkryk wat teen homself verdeeld is sal mos nie bly staan nie? In Matt. 4:23 lees ons dat Jesus elke siekte en elke kwaal genees het. In Matt. 8:16 lees ons dat Jesus almal wat ongesteld was gesond gemaak het. Nadat Jesus opgevaar het na Sy Vader in die hemel, het Hy aan Sy dissipels (maar sekerlik ook aan ons) die volgende opdrag gegee dat ons vir siekes moet bid, en dat hulle gesond sal word. (Mark. 16:18)

Ons mag verskillende sieninge oor genesing hê.
Maar laat ons glo dat Jesus Christus mense wil genees.
Moontlik wil God jou gebruik om vir 'n sieke te bid?

# Die genesing van Hiskia

**Jesaja 38:1** *"In dié dae het Hiskia dodelik siek geword; en die profeet Jesaja, die seun van Amos, het by hom gekom en vir hom gesê: So spreek die Here: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie."*

Toe hierdie skokkende boodskap deur Jesaja aan Hiskia gebring was, het hy sy gesig na die muur gedraai en tot God gebid, terwyl hy bitterlik geween het. Om te dink dat Hiskia maar net 39 jaar oud was, toe hy siek geword het. Op daardie stadium het hy veertien jaar regeer as koning in Juda.

Jesaja se boodskap aan Hiskia was dat hy sy huis in orde moes kry. Dit bly ook 'n boodskap aan ons. God wil ook vir ons sê dat ons verhouding met Hom reg moet wees. Een van die beste maniere om dit te doen is om meer Bybel te lees en meer te bid. Gee ook meer tyd vir jou gesin – veral wat geestelike dissiplines besef. Daar is 'n gesegde wat sê: "A family that prays together, stays together."

Om te dink dat God Sy natuur wette verander het, sodat Hiskia gesond kon word? Ons lees daarvan in 2 Kon. 20:8-11. By God is niks onmoontlik nie. (Lukas 1:37) Indien jy kan glo, is God bereid om te doen meer as wat jy kan bid of dink. Die Here het toe vyftien jaar by Hiskia se lewe toegevoeg, nadat Hy hom genees het. Miskien begeer jy ook dat God vir jou nog mooi geseënde jare sal byvoeg? Hoekom vra jy Hom nie om dit te doen nie?

Die Here se hand het nie kort geword om te help nie.
Sy ore het nie swaar geword om te hoor nie. (Lees Jes. 69:1)
Onse God bly die Groot Geneesheer!

**Wag op die Here**

**Psalm 5:2,3** *"O Here, luister na my woorde, let op my versugting. Gee ag op die stem van my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek. In die môre, Here, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag."*

Dit is goed om die dag met God te begin deur Sy Woord te lees en tot Hom te bid. Dit moet vir ons 'n gewoonte wees wat ons elke dag beoefen. Ons moet ook leer om nie net tot God te bid nie, maar ook om te wag dat Hy met ons sal praat. Hy doen dit deur Sy Woord en baie keer deur Sy Gees om tot ons diepste deel te praat.

Ons moet luister na ons liggaam, maar ons moet ook luister na ons gees. Hoe meer ons luister na ons liggaam hoe meer sal ons gesond word, en hoe meer ons luister na ons gees, hoe meer sal ons geestelik gesond word en hoor wat God vir ons wil sê. Dawid stel dit ook so mooi in Psalm 27:14 *"Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die Here!"*

Ons is so geneig om alles vinnig in die hande te kry. As ek net dink wat ons alles kan bekom deur die Internet, en deur die foon te gebruik om iets te bestel. Moenie dieselfde wil doen as jy tyd moet neem om op God te wag nie. Sy gedagtes is in elk geval nie ons gedagtes nie, en Sy tyd is verseker nie ons tyd nie.

Dit neem dissipline en geduld om op God te wag.
In Jesaja 28:16 staan geskrywe:
*"Hy wat glo, sal nie haastig wees nie."*

## Identiteit is wie jy is

**Efesiërs 1:3** *"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus."*

As ek na jou ID nommer sou kyk sal ek dadelik weet wanneer jy gebore is. Ek sal dit kan sien in die eerste ses syfers op jou ID kaart. Want jou ID begin met jou jaar van geboorte, dan die maand, en daarna volg die dag. Die vier syfers daarna wat onder 5000 is, dui of dit vroulik is en syfers bó 5000 vertel ons dit is manlik. Die syfer daarna sê uit watter land kom die persoon. Indien uit Suid Afrika sal daar 'n "0" wees en as dit 'n "1" is, beteken dit buite ons land. Die tweede laaste syfer het die ras aangedui, maar nou het dit weggeval. Die laaste syfer verifieer alles.

Lees die eerste hoofstuk van Efesiërs om te verstaan wat jou identiteit in Christus is. Die eerste wat almal moet kan sien is jou geboortedatum. Almal moet weet dat jy uit God gebore is! (Joh. 3:3-5) Baie ken nie hul Identiteit in Christus nie, terwyl ons lees in 2 Kor. 5:17 *"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."* The Living Bible vertaal dit met: *"When someone becomes a Christian, he becomes a brand-new person inside. He is not the same anymore. A new life has begun"*

In Hom is jy 'n nuwe mens wat nog nie bestaan het nie. Daarom is jy uniek. Glo dit, bedink dit en leef daarvolgens. Onthou altyd: Soos 'n mens dink so is hy. (Spr. 23:7)

## Die belangrikheid van Hoop

**Romeine 15:13** Die Boodskap: *"Ek bid dat God in wie julle al julle hoop stel, elke deeltjie van julle geloofslewe sal vol maak met blydskap en vreugde. Dan sal julle, deur die groot krag van die Heilige Gees in julle lewens, altyd oorvloedige hoop hê. Dan sal julle onwrikbaar vashou aan die Here, kom wat wil."*

As daar een ding wat ons moet aan vashou, dan is dit hoop. Besluit om vas te hou aan die hoop – die droom – wat God in jou gesit het. En moet nooit sonder God se hulp hoop koester nie. Weet dat vrees vir enige mislukking baie gevaarlik is. Moenie dit toelaat nie, want dit sal jou hoop verhinder sodat jy nie eers sal probeer om uit te ryk na oorwinning nie.

Indien iemand op 'n siekbed lê en daar was gesê dat daar geen genesing is nie, is dit net die hoop wat God se Woord gee wat genesing kan bring. Ons moet nie op slegte nuus fokus nie, maar ons moet fokus op die wonderlike beloftes in God se Woord. Dit geld vir genesing en ook vir enige oorwinnings wat ons begeer.

Praat ek miskien vandag met iemand wat baie siek is? Moenie jou hoop op genesing verloor nie. Hoop is 'n God-geïnspireerde droom. Dit is 'n innerlike beeld wat groter is as jy, omdat dit op God se beloftes gebou is.

As jy 'n kind van God is, behoort jy 'n dromer te wees.
Mag hoop jou lewe laat oorloop van blydskap en vreugde.
Hoop sal jou laat vashou aan elke belofte in God se Woord.

## God roep meer as een keer

**1 Samuel 3:8** *"En die Here het Samuel weer geroep vir die derde maal; en hy het opgestaan en na Eli gegaan en gesê: Hier is ek, want u het my geroep. Toe merk Eli dat die Here die seun geroep het."*

Samuel was maar jonk toe God hom geroep het. Ek wil dit duidelik stel: Geen mens is te jonk vir God om te roep nie. Volgens 1 Sam. 2:26 het Samuel gegroei *"…in grootte en in guns by die Here."* The Living Bible vertaal dié teks met: *"Little Samuel was growing in two ways – he was getting taller, and he was becoming everyone's favourite, and he was a favourite of the Lord's to."* Elkeen wat deur God geroep is moet toesien dat hulle geestelik sal groei.

My gebed is dat God baie jong mense gaan roep in hierdie laaste dae voor Jesus se wederkoms, en mag Hand. 2:17 weer waar word dat hulle sal profeteer. Dat hulle God se Woord sal verkondig. Jeremia was ook jonk toe God hom geroep het. Hy het vir die Here gesê: *"Ag Here, voorwaar, ek kan nie praat nie, want ek is jonk."* Voel jy soos Jeremia gevoel het? Bely dit en antwoord die Here se roeping in jou.

God het ook Jesaja 'n tweede keer geroep. Hy was reeds 'n profeet, toe God hom weer geroep het. In Jes. 6:8 lees ons: *"Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek stuur my."*

Luister mooi of die Here jou nie weer roep nie.
God roep ook ons ouer mense om hulself beskikbaar te stel.
Sê vir Hom: "Hier is ek Here, want U het my geroep."

## Swaarkry vorm en slyp ons

**Romeine 5:3,4** Die Boodskap: *"Al kry ons nou swaar, vat dit glad nie ons blydskap weg nie. Allesbehalwe. Ons weet mos dat swaarkry ons vorm en slyp om nog meer op God te vertrou. En wanneer ons onverskrokke op God vertrou, help dit ons om 'n sterk Christelike karakter te vorm. En 'n sterk Christelike karakter maak dat ons deur dik en dun glo dat God se nuwe wêreld op ons wag."*

Swaarkry behoort ons nie te beroof van ons blydskap nie. Swaarkry behoort ons te motiveer om nog meer op God te vertrou. Geloof is mos 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, en is 'n bewys van die dinge wat ons nie kan sien nie. (Heb. 11:1) Swaarkry moet ons ook help om 'n sterker en beter karakter en gesindheid te bekom.

Ons oë moet altyd gerig wees op dit wat vir ons wag, naamlik God se heerlikheid. Die beste wag nog vir ons. Enige mooi en geseënde ondervinding wat ons tans sou beleef, berei ons voor vir iets beter. Ons het voorheen gesing: "Bring jou laste na die Heer, en laat dit daar." Dit is presies wat jy vandag moet doen.

Paulus het geskryf in 2 Kor. 4:8,9 (Die Boodskap) *"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie. Ek word vervolg, maar ek weet God los my nooit alleen nie. Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke keer weer op."*

Swaarkry en moeilikhede sal altyd 'n deel wees van ons lewe.
Ons oorwinning lê daarin dat ons dit na die Here kan bring.
Al kry ons swaar moet dit nie ons blydskap wegneem nie.

## Die "gees-mens" en die "vlees-mens"

**Romeine 8:5-7** *"Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie."*

In ons is 'n "gees-mens" en 'n "vlees-mens. Daar is dus twee kragte wat in ons werk. Met watter een werk jy saam? Watter een moedig jy daagliks die meeste aan?

Die "vlees-mens" beweeg weg van gebed, van om God te aanbid, van om God se huis te besoek, en is geneig om sonde toe te laat. Die "vlees-mens" is die oudste, en hy wil regeer, want hy was die eerste een in jou lewe. Die "gees-mens" het in jou wakker geword na jou bekering en is so ernstig dat hy, soos Jakob, bereid is om 'n engel vas te gryp totdat hy geseën word. (Gen. 35) Die "gees-mens" is die een wat vreugde en vrede in jou lewe bring.

Paulus skryf oor die "vlees-mens" soos volg in Rom. 7:18 *"Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om te doen, dit vind ek nie."* In Ef. 4:24 sê Paulus: *"Julle moet die nuwe geaardheid en die nuwe lewe julle eie maak soos nuwe klere wat 'n mens aantrek."* (NLB)

Jy het die keuse om te luister na die "gees-mens" in jou.
Wat jy dink is in elk geval wie jy is. (Spr. 23:7)
Hou op om te luister na die "vlees-mens" in jou.

## Sit ‘n wag voor jou mond

**Efésiërs 4:29** *"Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."* The Message: *"Watch the way you talk. Let nothing foul or dirty come out of your mouth. Say only what helps, each word is a gift."*

"As jou voet gly, kan jy vinnig herstel, maar ‘n glips van die tong word oor en oor vertel." – het Benjamin Franklin gesê. (Die 24/7 Bybel) Neem vandag ‘n besluit dat die woorde wat uit jou mond gaan, geseënde woorde sal wees. Dit is nie nodig dat jou gedrag bepaal word deur die mense om jou nie. Sit dus ‘n wag voor jou mond.

Ons as Christene moet geken word aan die woorde wat uit ons mond kom. Ons kan nie maak soos die wêreld nie, en kan nie praat soos hulle nie. Jy het die mag om toe te laat wat uit jou mond kom, want dit is in jou beheer. Onthou ook dat Jesus gesê het in Matt. 12:36 *"Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag."*

Kyk weer na die laaste deel van ons teks, naamlik: *"Sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."* Spreek dus genade (of guns) wanneer jy praat. Jakobus, Jesus se broer, leer ons die volgende in Jak. 3:2 *"As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou."*

"Here, sit ‘n wag voor ons mond."
Weeg elke woord en maak seker dit is nodig.
Mag ons woorde ander oorlaai met genade en liefde.

## Skuldgevoelens

**1 Johannes 3:20,21** Die Boodskap: *"Selfs as daar dinge is waaroor ons skuldig of onseker voel, weet ons dat God groter is as al ons skuldgevoelens of onsekerhede. Hy weet immers meer oor ons as ons self. My liewe vriende, as ons van hierdie skuldgevoelens en slegte gewete ontslae is, is daar niks wat ons meer keer om by God op ons gemak te wees nie."*

'n Skuldgevoel en 'n slegte gewete is aan die orde van die dag. Dit is iets wat die duiwel gebruik om ons geestelik moeg te maak. Daarom is dit belangrik om van hierdie dinge bevry te word. 1 Joh. 3:20,21 in die ou vertaling, lees: *"Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid ontvang ons van Hom…"*

Jy sien, God is 'n hoorder asook 'n antwoorder van gebed. Die probleem lê nie by God nie, maar by ons wat skuldgevoelens in ons harte het. Dit is die oorsaak dat ons onvrymoedig teenoor die Here is, en selfs teenoor mense. Terwyl Paulus ons geleer het in Rom. 8:1 *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*

Ek moet ook 2 Kor. 5:21 met jou deel, soos wat dit geskrywe is in Die Lewende Bybel: *"As ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."*

Skud af al jou skuldgevoelens, in die Naam van Jesus.
Tel jou kop op en glo die Skrifgedeeltes wat hier geskrywe is.
In Jesus is jy meer as oorwinnaar – jou skuld is weggeneem.

## Die regverdige

**Psalm 34:20** *"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom."*

'n Regverdige is nie 'n super heilige nie. 'n Regverdige is iemand wat in die regte verhouding met God leef. Iemand wat in die regte verhouding met God leef is nie iemand wat nooit moeilikheid ervaar of nie siek kan word nie. Maar ons kan oor een ding seker wees, en dit is dat indien daar aanvalle teen ons kom sal die Here ons uit elkeen red. Vir hierdie rede glo en bely ons as Sy kind die wonderlike beloftes wat opgeteken is in Psalm 91.

'n Mens word 'n regverdige wanneer hy 'n nuwe mens in Christus geword het. Wanneer hy tot wedergeboorte gekom het en wanneer Christus hom of haar vergewe het, en Sy kind gemaak het. (1 Joh. 1:7,9 en Joh. 1:12) 2 Kor. 5:17 stel dit so treffend: *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

Die Boodskap vertaal 2 Kor. 5:17 soos volg: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe mens daar!"* As dit met jou gebeur het, het jy nie net 'n nuwe "bladsy" omgeslaan nie, jy het eintlik 'n nuwe "boek" vir Christus geword. Paulus sê ons is soos 'n "brief" wat deur almal gelees word. (2 Kor. 3:2)

Jy is 'n regverdige as jy in die regte verhouding met God is. Leef dan soos iemand wat 'n splinternuwe mens geword het. Jou verkeerde verlede bestaan nie meer nie – glo dit!

## God se Woord is ons brood

**Matthéüs 4:4** *"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."*

Die woord van God is vir jou gees wat brood vir jou liggaam is. Wanneer jy jou liggaam fisies kos gee, produseer dit fisiese krag wat ons energie noem. Wanneer jy jou gees met die geestelike kos van die Woord voed, produseer dit geestelike krag wat ons geloof noem. Net soos wat jy nie een maaltyd kan eet en dan vir weke op die herinnering daaraan voortbestaan nie, kan jy nie net onthou wat die Woord sê en sterk staan in geloof nie. Jy moet die Woord lees. Al het jy dit al 'n honderd keer gelees, lees dit weer. (Kenneth Copeland)

God se Woord is soos 'n swaard. Wanneer Paulus ons leer oor die wapenrusting van God, dan sê hy die volgende in Ef. 6:17 *"En neem…die swaard van die Gees – dit is die woord van God."* Volgens Heb. 4:12 is God se Woord 'lewend en kragtig en skerper as 'n tweesnydende swaard' en het krag om in te dring waar niks anders dit kan doen nie. Moet dus nooit God se Woord onderskat nie.

As God se Woord iets gesê het, bevraagteken ons dit nie, maar glo dit met ons hele hart. Dit geld vir genesing, voorsiening, beskerming en wat ons ook al nodig het. Maak 'n gewoonte om daagliks God se Woord te lees. My beste raad is dat ons die Bybel moet lees totdat dit met ons praat. Moet dus nie vinnig net 'n teks of twee lees nie.

Jesus het Skrif aangehaal toe hy versoek was. (Matt. 4:1-11)
Gebruik God se Woord soos 'n swaard in jou hand.
Spreek God se Woord – daarom moet jy dit in jou hart hê.

## Jesus is die brood van die lewe

**Johannes 6:33,35** *"Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee…En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie."*

Ek sal nooit vergeet van die lidmaat wat aan my gesê het dat hy al jare nie nagmaal gebruik nie omdat daar huigelaars in die kerk is. My antwoord aan hom was dat hy dan nie kan verwag om eendag opgewek te word nie. Ek het hom verwys na hierdie teks asook na Joh. 4:53,54. Lees dit vir jouself en besluit om wel nagmaal te gebruik en sodoende te neem van Jesus se liggaam en van Sy bloed. (1 Kor. 11:23-26)

Hoekom dink jy is "geestelike brood" só belangrik vir ons om te gebruik? Omdat dit lewe vir ons gee. Net soos wat brood wêreldwyd een van die belangrikste voedsel is wat miljoene aan die lewe hou, net so hou Jesus as die "Brood van die Lewe" ons geestelik aan die lewe. In ons teks hierbo het Jesus gesê: *"Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie."*

Eintlik eet jy die "Lewende Brood" elke keer wanneer jy jou Bybel lees. Daarom moet jy dit nie nalaat om te doen nie. Voordat jy jou Bybel lees vra God om deur Sy Gees met jou te praat. Daar is tye dat ek my Bybel uit gewoonte lees, en dan vind ek dat ewe skielik maak die Here 'n gedeelte vir my so "lewendig" dat dit boekdele tot my spreek en my gees verkwik. Dit is hoe God se Woord werk.

Voorwaar die Bybel gee ons lewe en oorwinning.
Besluit dus om meer jou Bybel te lees as voorheen.
Onthou: Lees Sy Woord gereeld totdat dit met jou praat.

## Jy bid maar jy ontvang nie?

**Jakobus 1:6-8** Die Lewende Bybel: *"Maar as 'n mens bid, moet jy op God vertrou en nie oor Hom twyfel nie. Iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind opgejaag en dan in enige rigting gedryf word. Hy kan nie besluit wat hy presies wil hê nie en alles wat hy dan ook doen, is onseker. So iemand kan nie verwag dat die Here vir hom sal gee wat hy vra nie."*

Mense met ongelowige harte en verkeerde motiewe moet nie verwag dat die Here hulle gebedes sal beantwoord nie. Maak dus seker dat jy glo en bid volgens Sy wil.
Weet ook dat ons soms iets anders ontvang as dit wat ons van die Here gevra het. Miskien was een van die volgende jou ondervinding?

*"Ek het gebid vir krag, toe kom daar moeilikhede om my sterker te maak."*
*"Ek het gevra vir wysheid, toe kom daar probleme wat ek moes oplos."*
*"Ek het voorspoed gevra, toe kry ek spierkrag in my denke om meer te bereik."*
*Ek het gevra vir moed, toe ontvang ek ekstra krag om te oorwin."*
*Ek het gevra vir geduld, toe word ek geplaas waar ek verplig was om te wag."*
*"Ek het gevra vir guns, toe kom daar geleenthede."*
*"Nou weet ek: Ek het nie altyd ontvang wat ek wou hê nie, maar wat ek nodig gehad het."*

Ek is iemand wat met my hele hart glo maar soms probleme het rakende my geduld. Terwyl ek die Skrifgedeelte ken wat geskryf is in Jes. 28:16: *"Hy wat glo, sal nie haastig wees nie."*

Moet nooit ophou om tot God te bid nie.
Hy is 'n hoorder en antwoorder van gebed.
Bid net met geloof en met die regte motiewe.

# Reuse kan verslaan word!

**2 Samuel 21:15,16** Die Boodskap: *"Daar was weer oorlog tussen die Israeliete en die Filistyne. Dawid het saam met sy soldate gaan veg…Dawid het baie moeg geword in die geveg. 'n Filistyn het gedink hy kan Dawid doodmaak. Hy was 'n reus van 'n man. Sy spies se bronspunt het meer as drie kilogram geweeg. Hy wou Dawid met sy nuwe swaard doodsteek."*

Ons weet dat Dawid Goliat verslaan het. (1 Sam. 17) Maar ons lees in 2 Sam. 21 dat daar weer oorlog tussen Israel en die Filistyne ontstaan het. Neem ook kennis dat geestelike oorloë nooit sal verby gaan terwyl ons op aarde is nie. Daarom het God ons wapens gegee, soos wat ons lees in Ef. 6.

Neem ook kennis dat reuse name het. Jou probleem het ook 'n naam. Identifiseer jou probleem en gee dit 'n naam. Noem dan jou probleem by die naam en sit dit dan onder Jesus se voete soos wat ons lees in Ef. 1:20-23.

In ons verhaal in 2 Sam. 21, lees ons dat Abisai Dawid gehelp het om hierdie reus te verslaan. (Vers 17) Ons moet leer om nie alleen te wil veg teen ons vyande nie. Ons oorwinnings lê in 'n spanpoging. Moenie bang wees vir "reuse" wat jou aanval nie. Gebruik die swaard in jou hand (jou Bybel) naamlik die Woord van die Here. Jesus het dit gebruik in Matt. 4, toe die duiwel Hom aangeval het, en Hy het oorwin.

Elke "reus" wat jou wil aanval kan oorwin word.
God is groter en sterker as enige vyand wat jou uitdaag.
Ken en gebruik wat geskrywe staan in Jes. 54:17.

## Aangekla in die kerk!

**Johannes 8:2,3** *"En vroeg in die môre het Hy (Jesus) weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer. En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreek betrap was, na Hom gebring."*

In die tempel het 'n treffende verhaal homself afgespeel. Die orde van die diens was versteur. Om te dink hierdie vrou word in die kerk aangekla, omdat sy gesondig het. Dan is dit nogal die kerk-leiers wat haar aankla. Dié vrou was betrap in 'n daad van owerspel. Ek het nog altyd gewonder wat het van die man geword, want sy kon nie hierdie daad alleen gedoen het nie? Kry 'n mens dan net gevalle vroue?

As hierdie vrou 'n jongmeisie was, en die man was ongetroud, moes hy haar as sy vrou geneem het. (Deut. 22:23,24) As sy verloof was, en deur 'n ander man teen haar sin oorweldig was, sou die man alleen gestenig moes word. (Deut. 22:25) Hierdie was skynbaar 'n getroude vrou en daarom moes albei gestenig word. (Lev. 20:10)

Maar dank God dat Jesus teenwoordig was. Hy het op die grond geskryf, voordat Hy die aanklaers gevra het wie sou eerste 'n klip op haar gooi. Ons sal nooit weet wat Jesus daardie dag geskrywe het nie. Maar Jesus moes verseker iets oor God se genade geskryf het, en dit het die aanklaers aangespreek. Die groot les wat ons leer in hierdie verhaal is: Ons word nie gevra om sonde goed te keur nie, maar ons moet hulle wat gesondig het kan vergewe.

Jesus veroordeel nie dié vrou nie, maar spreek haar vry.
Hy het nie gekom om mense te veroordeel nie. Lees Joh. 3:17.
Ons moet nie mense skuldig verklaar nie, maar hulle vryspreek.

## **“Here, stel ‘n wag voor my mond.”**

**Psalm 141:3** *“Here, stel ‘n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe.”*

Ons behoort hierdie ‘n gereelde gebed te maak, omdat ons so maklik verkeerd praat. Hoe baie keer hoor ons die volgende: “Elke jaar hierdie tyd kry ek die griep. Ek gaan weer siek word soos ‘n hond.” Ons hoor ook: “Ek is arm maar geduldig. Ek is maar net gebore vir ‘n halwe brood.” Jy kan verder self aanvul by hierdie lys.

Neem kennis dat daar ‘n konneksie is tussen die woorde wat uit ons mond kom en ons gesondheid. Wat ek hiermee wil sê is, dat jy kan jou siek praat of jy kan jou gesond praat. Onthou jy nog hoe jy tot bekering gekom het? Jy het met jou hart geglo, maar jy het ook met jou mond bely. Ek verwys jou na Rom. 10:9,10: *“As jy met jou mond die Here Jesus bely (openlik sê dat Jesus jou Verlosser is) en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.”*

Vra dus gedurig dat die Here ‘n wag voor jou mond sal sit, sodat jy seker sal maak dat net die regte woorde uit jou mond sal kom. Vul jou hart met God se Woord sodat, wanneer jou mond oopgaan, jy die regte dinge sal sê.

Ek verstaan hoekom Jakobus sy gemeente in Jerusalem geleer het om reg te praat. Ons lees daarvan in Jak. 3. Jakobus was Jesus se aardse broer en was die leier van ‘n baie groot gemeente in Jerusalem. In Jak. 3:2 sê Jakobus: *“As iemand in woorde nie struikel nie, is hy ‘n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou.”*

Soos wat ons tikfoute maak – só praat ons verkeerd.
Kom ons besluit om albei probleme aan te spreek.
“Here, sit asseblief ‘n wag voor ons mond.”

## Saam is ons beter

**Hebreërs 10:25** *"Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."*

Ons kan gerus leer by ganse wat besig is om te vlieg. Hulle vlieg in 'n V-formasie. Omdat hulle agter mekaar vlieg veroorsaak hulle 'n "slipstream" wat dit makliker maak om in die lug vinniger te beweeg. Dit laat hulle ook veel verder vlieg as wat andersins moontlik was. Neem kennis: Die Here het ons in 'n gemeente geplaas sodat ons saam meer kan bereik as op ons eie.

Dit is gevaarlik om 'n "lone ranger" te wees. Die wildsbok wat te vêr weg is van die trop is die een wat die leeu die maklikste vang. Ook die een wat die leeu kan afskei van die trop, is die een wat in die slag bly. Geestelik werk dit ook so. Die duiwel sal sy bes doen om 'n kind van die Here eenkant te kry, weg van ander gelowiges. Dit is dan wanneer hy hulle oorweldig en oorwin.

Dit was toe Paulus omring was deur ander gelowiges, dat God hom selfs uit die dood opgewek het. Dit was nadat hy gestenig was en as dood buite die stad gegooi was. Ons lees daarvan in Hand. 14:19,20. "Omring" jouself altyd met ander gelowiges, want dit sal jou beskerm. As jy die samekomste van jou gemeente verwaarloos het, besluit om weer gereeld te gaan en jouself te verbind aan ander gelowiges.

Dawid het eenmaal uitgeroep in Psalm 122:1.
*"Ek was bly toe hulle vir gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan."*
Wees opgewonde om kerk toe te gaan – dit is 'n goeie besluit.

# Wat bring vervulling?

**Kolossense 4:17** *"En sê aan Archippus: Gee ag op die bediening wat jy ontvang het in die Here, dat jy dit vervul."*

Paulus sê aan Archippus dat hy ag moet gee op die bediening wat hy van die Here ontvang het en dat hy dit moet vervul. Hoekom sê Paulus dit? Omdat ons net ware vervulling sal ervaar as ons uitleef wat ons van die Here ontvang het om te doen.

Die kerk is vol "onvervulde" Christene. Vandag vind ons ook dat 'n bankbestuurder 'n boer wou wees. En dat 'n onderwyser 'n motorwerktuigkundige wou word. En so kan ons aanvul op hierdie lys. Paulus skryf aan Timotheus en gee hom raad wat hy alles in die gemeente moet doen. Paulus sê in 2 Tim. 4:2-5: *"…verkondig die woord…Maar wees jy in alles nugter…doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening."* Timotheus moes heelwat doen in die gemeente, maar hy moes ook baie seker maak dat hy vervulling ervaar.

Wat jy ook al doen, selfs in jou kerk, maak seker dat jy 'n vervulde persoon is. Indien jy frustreerd is in wat jy doen, al is dit iets geestelik wat jy doen, los dit. Jy kan ook spanning ervaar omdat dit moontlik is dat God jou vir iets anders geroep het. Lees gerus 1 Kor. 12:14-18. Daar moet "voete" in die gemeente wees, wat die evangelie uitdra. Daar moet "hande" wees wat bereid is om al die handewerk te kan doen. Daar moet ook "ore" wees wat sal luister na die nood van mense.

Maak seker wat bring vervulling vir jou, en doen dit.
Anders sal jy bly soek en nie by jou volle potensiaal uitkom nie.
Weet dat God 'n duidelike plan met jou lewe het. (Jer. 29:11)

# Dit wat jy nie sien nie, bestaan wel

**Hebreërs 11:1** *"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."*

Wat is geloof? Hier is 'n definisie wat jy in jou geheue kan stoor. Martin Luther het op grond van Heb. 11:1 gesê: "Geloof is om te sien wat jy nie sien nie, en om nie te sien nie, wat jy sien. Dit is om met God se oë te sien." (Die 24/7 Bybel)

Wanneer jy waarlik glo dan weet jy, dat al kan jy nie dit sien nie, is God besig om te werk. Noag, Abraham, Isak en Jakob het die Ou Testament se ererol gehaal omdat hulle God op Sy woord geneem het – al kon hulle nie sien waar en hoe Hy besig was om te werk nie. Lees weer, met aandag, die hele Heb. 11.

Die Lewende Bybel, vertaal ons teks met: *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."*

Ek weet nie waarvoor vertrou jy die Here nie? Ek weet ook nie deur watter moeilike tye jy nou gaan nie? Maar een ding weet ek dat God nooit slaap nie en dat Hy wakker is om Sy woord te hou. Ek weet ook dat Hy jou in die holte van Sy hand hou en dat jy Sy oogappel is. Kyk dus nie net na die dinge wat jy kan sien nie, maar glo vir dit wat jy nie nou kan sien nie.

Jy is vir die Here baie werd, en Hy het mooi planne vir jou.
Vertrou Hom ten volle, al kan jy nou nie oorwinning sien nie.
God is aan die werk ook om vir jou te voorsien in jou nood.

## Gee alles oor aan Hom

**Spreuke 16:3** *"Laat jou werke aan die Here oor, dan sal jou planne uitgevoer word."*

Om oor te gee is nie maklik nie, want ons is geneig om ons sake self te wil hanteer. Vroeër het ons 'n liedjie in Engels gesing: *"Let go and let God have His wonderful way."* Dit is presies wat ons behoort te doen.

Ons bring ons laste na die Here in gebed, maar as ons van ons knieë opstaan neem ons weer ons laste op ons skouers om dit self verder te dra. Ek is ook van mening dat die meeste laste wat ons dra, is laste wat onsself op ons geplaas het.

Jesus se uitnodiging kom vandag weer vars en duidelik tot ons Matt. 11:28: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."* Maak gebruik van hierdie uitnodiging. Jy kan Hom ten volle vertrou met die diepste dele van jou hart. Ons Skrifgedeelte sê as ons alles aan die Here sal oorlaat sal al ons planne uitgevoer word – natuurlik volgens Sy wil.

Hoe verstaan ons hierdie prakties? As jy alles aan die Here oorlaat, en Hom vertrou, sal God jou planne verbind met Sy wil – dan word jou plan die Here se plan wat uitgevoer word.

Moenie langer dit waarmee jy besig is, op jou eie hanteer nie. Leer om alles aan die Here oor te gee om jou sake uit te werk. Hy gee jou die begeerte asook die krag om dinge te doen.

## Geen veroordeling in Christus!

**Romeine 8:1** *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*

Die Boodskap: *"Goeie Nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."*

Iemand wat veroordeel is, is reeds gevonnis! Daarom moet jy vir jouself sê: "Ek leef nie onder veroordeling nie." Dink wat gebeur het in Joh. 8:11 waar Jesus vir die owerspelige vrou, wat gestenig moes word, gesê het: *"Ek veroordeel jou ook nie. Gaan en sondig nie meer nie."* Hy het nie haar sonde goedgekeur nie, maar Sy genade was vir haar genoeg. God se genade sal ook altyd vir jou genoeg wees.

Baie Christene sê: "God straf my oor my sondige verlede." Terwyl die Bybel sê in Heb. 8:12 dat Hy nooit weer aan ons sondes eers sal dink nie! (Dit is nadat Hy ons sondes vergewe het) Die duiwel kla mense aan. (Open. 12:11) Die Heilige Gees kla nie aan nie, maar oortuig. (Joh. 16:8)

In die Ou Testament het die Priester nie die sondaar ondersoek nie, maar die lam wat gebring was om geoffer te word. Ons lees in 2 Kor. 13:5 dat ons onsself moet ondersoek om te sien of ons nog in die geloof is. Daar staan nie dat ons onsself moet ondersoek sodat ons oordeel oor onsself kan uitspreek nie. Jy moet ook nooit veroordeeld voel as jy siek is en dit toeskryf aan sonde wat jy gedoen het nie.

Onder God se genade is, kan sonde jou nie oorheers nie.
Rom. 6:14 *"Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade."*

# Probleme soos Reuse

**2 Samuel 21:15,16** Die Boodskap: *"Daar was weer oorlog tussen die Israeliete en die Filistyne. Dawid het saam met sy soldate gaan veg…Dawid het baie moeg geword in die geveg. 'n Filistyn het gedink hy kan Dawid doodmaak. Hy was 'n reus van 'n man. Sy spies se bronspunt het meer as drie kilogram geweeg. Hy wou Dawid met sy nuwe swaard doodsteek."*

Reuse is bó normale mense. Reuse is gebore toe engele met mense getrou het. Ons lees daarvan in Gen. 6:1-4. Goliat was 'n reus en het God se volk (Israel) uitgedaag.
Dank God, want "Reuse" kan verslaan word deur gewone mense, soos wat Dawid dit gedoen het in 1 Sam. 17. Lees veral hoe Dawid opgetree het om Goliat te verslaan. Hy het opgetree in die Naam van die Here. (1 Sam. 17:45-47) Jy sal ook jou "Reuse" oorwin in die Naam van die Here!

In 2 Sam. 21 lees ons hoedat die oorloë elke keer teen Israel weer plaasgevind het. Geestelike oorloë hou nooit op terwyl ons op aarde is nie. Gelukkig het God aan ons wapens gegee, wat ons kan gebruik om probleme so groot soos "Reuse" te verslaan. Ons kragtige wapens vind jy in Ef. 6:10-18. Van ons wapens is: Waarheid; Geloof en Gebed. Met God se Woord oorwin jy siekte. (1 Pet. 2:24) Met God se Woord glo jy dat God sal in al jou behoeftes voorsien. (Fil. 4:19) Lees die Skrifte.

"Reuse" het name. Gee jou probleem 'n naam, en plaas dit onder Jesus se voete, volgens Ef. 1:20-23. Maar moet net nie alleen veg nie, want ons oorwinnings is in 'n spanpoging, soos wat ons lees in 2 Sam. 21:17. Dit vertel ons dat Abisai vir Dawid gehelp het om sy reus te verslaan. Daar is mense wat jou wil help teen jou "Reuse".

Moenie bang wees vir jou "Reuse" nie.
En onthou jou oorwinning is in 'n spanpoging.
Gebruik God se Woord as jou swaard, soos Jesus in Matt. 4.

## Uitstekende raad

**Spreuke 4:25-27** Die Lewende Bybel: *"Wees eerlik en moet jou nooit laat ompraat om anders op te tree nie. Sorg dat jy op die regte koers bly, dan sal jy vastigheid in die lewe hê. Moenie links of regs afdwaal nie en bly weg van die verkeerde dinge af."*

Salomo het altyd goeie raad gegee. Een van die boeke in die Bybel wat die meeste gelees word, is sekerlik Spreuke, wat deur hom geskryf was. Dit is vol wysheid en uitstekende raad. Soms is elke teks 'n ander boodskap, maar jy kan dit gereeld lees en baie leer.

Ons Skrifgedeelte hierbo bevat groot waarhede. Opgesom: Wees eerlik, en hou daarby. Sorg altyd dat jy op die regte pad is. Wees baie gefokus en moenie naby verkeerde dinge kom nie. Jy kry mos mense wat kyk hoe naby hulle kan kom aan 'n afgrond. Wees nie een van hulle nie. Waar jy ook al jouself bevind, moet jy vra of Jesus ook daar tuis sou wees?

Om eerlik te wees beteken om nie bedrog of leuens toe te laat nie. 'n Eerlike mens is iemand wat altyd die waarheid praat en wat jy kan vertrou. As jy die waarheid praat hoef jy nie te onthou wat jy voorheen gesê het nie. Indien jy 'n koersvaste mens is, dan is jy iemand wat jou oog altyd hou op die wenpaal. Moses het sy oë gehou op die beloning wat vir hom gewag het. Neem tyd en lees weer Heb. 11:25-27.

Ons is dankbaar vir die baie goeie raad in die Bybel.
Deel ook wat jy geleer het met ander, wat dit moet hoor.
Wees doelgerig sodat jy vastigheid in die lewe kan geniet.

# Hoe gelukkig is jy?

**Psalm 32:1,2** Die Boodskap: *"Jy is baie gelukkig as die Here jou al jou verkeerde dade vergewe. Jy is gelukkig as Hy nie meer aan jou slegte dade dink nie. Jy is baie gelukkig as die Here jou nie laat betaal vir jou skuld nie. Jy is ook gelukkig as jy nie skelm is of ander mense probeer te kort doen met geld nie."*

Die Lewende Bybel: "*'n Mens kan werklik gelukkig wees as sy sonde weggeneem is en sy misdade vergewe is. 'n Mens kan werklik gelukkig wees as die Here hom nie meer verantwoordelik hou vir sy oortredinge nie..."*

Volgens ons teks is jy gelukkig wanneer God jou vergewe het. Dit is belangrik om die boodskap in 1 Joh. 1:7-9 te verstaan. Jy sal dit die beste verstaan as jy ook jou sondes bely het en as die bloed van Jesus Christus ook jou lewe skoon gewas het. Gaan staan voor 'n spieël en vergewe jouself. En moenie vergeet om ander, wat jou benadeel het, ook te vergewe nie. Vergifnis is die sleutel tot geluk.

Om gelukkig te wees meen dat jy blydskap het en dat jy tevrede is. Hoe gelukkig is jy? Gee jouself 'n punt tussen 1 tot 10. Indien jy nog lekker kan lag, is dit iets goeds.
C.J. Langenhoven het gesê: *"Ek sê nie alle suur mense is Fariseërs nie, ek sê net alle Fariseërs is suur mense."*

Jy sal baie gelukkig wees indien jy jou doel in die lewe ontdek het. Vra jouself die volgende en wees eerlik om dit opreg te antwoord. Hoe gelukkig is jy in jou werk? Hoe gelukkig is jy in jou studies? Hoe gelukkig is jy waar jy woon? Hoe gelukkig is jy in jou huwelik? Manne onthou: "A happy wife is a happy life."

Geluk is iets wat jy in jou het of nie het nie.
Verander hoe jy dink, dan sal jou toekoms ook verander.
Jy sal gelukkig wees as jy nie meer dink aan jou verkeerde verlede nie.

## Hoe bid ek in die Gees?

**Judas vers 20:** *"Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid."*

Daar is twee maniere hoe ons kan bid. Ons kan bid met ons verstand en ook met ons gees. Paulus het in 1 Kor. 14:15 die volgende waarheid neergeskryf: *"Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid."*

Jy het seker al agter gekom dat daar tye is dat jy nie mooi weet hoe jy moet bid nie? Dit is dan dat die Heilige Gees ons help om te bid. Rom. 8:26 stel dit soos volg: *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."* Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"Ons weet nie mooi hoe om met God te praat as ons bid nie, maar die Gees bid vir ons by God op 'n manier wat nie in woorde uitgedruk kan word nie."*

Die Boodskap vertaal Rom. 8:26 en sê dat ons nie altyd weet wat ons moet bid nie. Dit is dan dat die Gees ons help – Hy vertaal ons swaarkry in 'n hemelse taal. Hy sug en kla namens ons by God. En God verstaan hoekom die Gees so ernstig bid omdat God weet dat die Gees altyd volgens Sy wil bid.

Daar was tye dat ek nie in my gewone manier kon bid nie.
Dan het die Heilige Gees my gehelp het om uit my gees te bid.
Ek kon hoor wat ek bid maar die woorde was uit my gees.

## Die heel beste gawe is liefde

**1 Korintiërs 12:31** Die Lewende Bybel: *"Julle moet moeite doen om die belangrikste gawes te hê. Maar nou wil ek vir julle wys wat die heel beste in die lewe is."*

1 Korintiërs 12 gaan oor die gawes van die Heilige Gees en hoe elkeen van ons deel is van die liggaam van Christus, wat Sy kerk is. Paulus sluit sy lering in 1 Kor. 12 af met ons teks hierbo. Hy vra ons om moeite te doen om die belangrikste gawes te hê, maar sluit af deur te sê wat die heel beste gawe is om te besit, naamlik liefde.

Paulus wys ons daarop dat al besit ons kennis en baie geloof, en al is ons bereid om ons lewe te verloor, is dit nie die belangrikste vir God nie. Die Here se begeerte vir ons is dat ons die beste gawe sal besit – en dit is die gawe van liefde.

Indien jy my vra wat dit is om lief te hê, sal ek nie 'n beter antwoord kan gee as wat geskrywe staan in 1 Kor. 13:4-7 nie. Ek haal aan uit Die Lewende Bybel: *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie. Oor verkeerde dinge kan hy nooit gelukkig wees nie. Dit is net die waarheid wat hom gelukkig maak. As 'n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie."*

Liefde is die grootste gawe wat in hierdie lewe bestaan.
Daar is geloof, hoop en liefde – maar die grootste is die liefde.
Vra die Here om Sy liefde uit te stort in jou hart. (Rom. 5:5)

## Erfgenaam van God

**Galasiërs 4:6,7** Die Lewende Bybel: *"Omdat ons nou Sy kinders is, het God die Gees van Sy Seun gestuur om in ons harte te woon. Dit is dié Gees wat vir ons leer om vir God "Vader" te noem. Julle is dan nou nie meer God se slawe nie, julle is Sy kinders. En omdat julle Sy kinders is, maak Hy julle Sy erfgename aan wie Hy alles gee."*

Ook in Ef. 1:11 leer Paulus ons dat ons erfgename van God is. Moet nooit vergeet dat indien jy 'n erfgenaam van iemand is, beteken dit dat jy sal ontvang waarvoor jy nie gewerk het nie. Die woordeboek verduidelik wat 'n erfgenaam is: "Dit is iemand wat die wettige reg het om geld, eiendom en selfs 'n titel oor te neem, van dié een wat dit aan hom nagelaat het."

Die heel beste wat jy as kind van God ge-erf het, is die ewige lewe. Vir hierdie rede sal jy lewe al het jy gesterwe. Jesus het gesê in Joh. 11:25,26: *"Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie."* In Die Lewende Bybel staan daar: *"Elkeen wat in sy lewe op My vertrou, sal nooit in die ewigheid doodgaan nie."*

As Christus se erfgenaam het jy ook beskerming ontvang, want Hy het in Joh. 10:28 belowe dat ons nie verlore sal gaan nie en dat niemand ons uit Sy hand kan ruk nie.
Jy kan as erfgenaam ook staatmaak dat die Here jou voorsiener is (Fil. 4:19) en dat Hy ook die Here is wat jou gesond maak. (Ex. 15:26)

Dank God dat jou naam in God se boek geskrywe staan!
Jy is geen bedelaar nie, maar 'n duur gekoopte kind van God.
Jy het die reg om Hom "Vader" te noem, want jy is Sy erfgenaam.

## Wat leer die Bybel oor gee?

**Johannes 3:16** *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy enig-gebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*

Dié een wat Sy beste gegee het, is God. God het Sy seun gegee om vir ons die prys te betaal aan 'n kruis. Daarvoor bly ons altyd dankbaar. Jesus het ons ook geleer om te gee. Ons lees daarvan in Lukas 6:38 *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Paulus leer ons die volgende in 2 Kor. 9, naamlik dat "gee" as "saad" beskou word. Daarom gee jy nie net geld as 'n offerande Sondag in die kerk nie, jy saai jou geld in God se koninkryk. Hoekom? Want saad sal vermeerder word. 2 Kor. 9:6 *"Maar dink daaraan: (Bepeins dit) Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai."* En wanneer jy gee, gee jy met blydskap, soos wat ons lees in 2 Kor. 9:7 *"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."* 'The Amplified Bible' stel dit so mooi: *"God loves (He takes pleasure in, prizes above other things, and is willing to abandom or to do without) a cheerful (joyful, 'prompt to do it') giver whose heart is in his giving)*

Neem ook kennis dat indien jy kan gee, sal jy altyd hê om te kan gee, soos wat ons lees in 2 Kor. 9:8 In Die Lewende Bybel: *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het – en nog baie meer as wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee."*

Oordink weer die boodskap van om te gee.
Besluit om 'n gewer te wees, al het jy dit nie breed nie.
God sal die saad in jou hand vermeerder dat jy kan gee.

## Wil jy 'n sterk geestelike leier wees?

**Josua 1:9** *"Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie, want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan."*

God het Josua in Moses se plek, as leier aangestel. Hy het iemand gesoek wat moed het. Wanneer God sê jy moet moed hou is dit nie 'n aanbeveling om te oorweeg nie, dit is 'n bevel. Kyk weer mooi na die eerste deel van ons teks. Moed is 'n uitvloeisel van vertroue in God. Jy kan dit nie met jou verstand uitdink nie. Dit ontstaan wanneer 'n mens glo wat God sê, ongeag jou omstandighede.

As jy 'n leier wil wees sal jy ontslae moet raak van jou negatiewe verlede. Dit is daardie dinge wat jou altyd sal terug hou dat jy nie jou doel kan bereik nie. Paulus moes dit doen. Ons lees in Filipense 3:14 *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*

Jy sal alleen jou doel in die lewe kan "najaag" as jy die negatiewe verlede vergeet. En jy sal vergeet as jy van harte kan vergewe! Om jou verder te help, vra ek jou om Efesërs 1 met aandag te lees. Daar word ons vertel wat ons in Christus is. Dit sal jou verseker sterk maak om 'n geestelike leier te wees. Jy sal lees dat jy 'n geseënde is in die Here. (Vers 3) Dat God jou uitverkies het – jy is spesiaal. (Vers 4) Jy sal lees dat jy vergewe is. (Vers 7) Dat jy 'n erfgenaam is. (Vers 11) Dat jy verseël is met die Heilige Gees. (Vers 13) En onthou: Alle probleme wat jy 'n naam kon gee moet jy onder Jesus se voete plaas, en dit daar los. (Verse 20-23) Dit sal jou 'n leier maak!

Jy het die mag om te besluit om 'n leier te wees.
God wag dat jy daardie besluit duidelik sal neem.
Lees nou weer ons teks, en antwoord God daarvolgens!

# **Haal alles uit om by die eindpunt te kom**

**Filippense 3:14** Die Lewende Bybel: *"Ek haal alles uit om by die eindpunt aan te kom en die prys te wen – die nuwe lewe in die hemel waarvoor God ons geroep het deur alles wat Jesus Christus gedoen het."*

Haal alles uit om die wedloop te volbring en die prys te wen! Moenie vashaak by die negatiewe dinge wat jy ondervind nie, soos: teleurstellings; siekte; hartseer en pyn. Dit sal jou verhinder om 'n lewe van oorwinning te leef. God dink ook nie meer aan die sondes, wat jy bely het nie! Droom sterker oor die begeertes wat jy het. *"If you can dream it, you can do it".* God is instaat om jou drome te vervul.

Doen wat geskrywe staan in Psalm 37:4 *"Verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."* Hoe doen ons dit? In die Woord en in gebed asook om te getuig wat God al vir jou gedoen het! Vertel ander daarvan!

Paulus moes vergeet hoe hy die gemeentes vervolg het. Om te dink Paulus het die klere opgepas van die manne wat Stefanus met klippe gestenig het. (Hand. 7:58,59)
Dit was negatiewe dinge wat Paulus moes vergeet en wat hy agter sy rug moes sit sodat hy kon uitreik na sy nuwe lewe in Christus.

Vergeet die siekte waardeur jy gekom het. Moenie net gedurig daaroor praat nie. Jou getuienis van herstel moet groter wees as jou siekte. Vergeet jou finansiële verlies en glo Fil. 4:19. Vergeet dat iemand onder jou uitgeloop het. Vergeet die opinies van mense.

Neem kennis: Jou motor het 'n voorruit maar ook 'n tru-spieël.
Die voorruit is groter om te sien waarheen jy op pad is.
Moenie fokus op gister se teleurstellings en mislukkings nie.

## Gee jou planne oor aan God

**Spreuke 16:3** Die Lewende Bybel: *"Vertrou op die Here in alles wat jy doen, dan sal Hy sorg dat jou planne uitwerk."*
'The Amplified Bible': *"Roll your works upon the Lord (commit and trust them wholly to Him; He will cause your thoughts to become agreeable to His will, and) so shall your plans be established and succeed."*

Indien ek 'The Amplified Bible' se weergawe van ons teks kan vertaal sal dit soos volg wees: *"Gee wat jy wil doen oor aan die Here deur Hom volkome te vertrou. Hy sal dan jou gedagtes en planne laat ooreenstem met Sy wil, en so sal jou planne bevestig word en suksesvol wees."*

Ons moet net altyd onthou dat God se gedagtes is nie ons gedagtes nie, soos wat ons lees in Jes. 55:8: *"Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie, spreek die Here."* Verder sê die Here in Jes. 55:10,11 dat Sy woord sal nie leeg na Hom terugkeer nie, maar doen wat Hom behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Hy dit stuur. Ons kan dus altyd staatmaak op God se Woord.

Die Here is "wakker" om Sy Woord te hou. Hy belowe nie iets en kom dit nie na nie. Dink maar terug in alles wat die Here jou beloof het. Baie keer lees my vrou en ek weer die aantekeninge wat ons by Skrifgedeeltes gemaak het in ons Bybels. Dit is goed om die Here se beloftes te onthou. In Jes. 62:6,7 sê God: *"O, julle wat die Here herinner aan Sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie…"*

Voordat jy jou planne uitvoer, gee dit oor aan die Here.
Laat toe dat Hy jou planne laat saamstem met Syne.
Dit sal altyd die beste besluit wees wat jy kan neem.

**My gebed vir vandag!**
**Ef. 3:16-19 Die Boodskap vertaling:**

*"Ek bid dat God, wat so wonderlik en sterk is, deur Sy Gees vir julle die krag sal gee wat julle nodig het om geestelik julle man te kan staan. So sal Christus deel van julle lewens word omdat julle op Hom vertrou. Julle lewens sal gebou word op liefde. Deur ander met liefde te behandel sal julle lewens die vastigheid kry wat julle nodig het. Ek bid ook dat julle, saam met al die ander Christene, sal kan ervaar hoe lief Christus ons regtig het. Sy liefde kan ons nie met woorde beskryf nie: dit is te groot en wonderlik. G'n mens kan dit met sy verstand uitredeneer nie, want dit is baie groter as wat ons as mense is. Maar ek bid tog dat julle so 'n ietsie daarvan sal snap. Mag God julle lewens met Sy teenwoordigheid oorspoel sodat daar nie 'n stukkie van julle is wat nie deur God se teenwoordigheid geraak word nie."*

Daar is wonderlike gebedes in die Bybel. As jong Christen het ek soms nie geweet hoe ek moet bid nie, totdat iemand my vertel het om van die Psalms te bid. Dit het ek gedoen en van die Psalms gebid asof dit my eie gebed tot God was. Hierdie het my geleer om makliker te kon bid en met my Hemelse Vader te kon praat.

Efesiërs 3 is een van die uitstaande gebedes wat Paulus gebid het vir 'n gemeente waar die Here hom wonderlik gebruik het. Lees gerus weer die verhaal in Hand. 19 en hoe die gemeente van Efese geestelik gegroei het in die Here. Alles was omdat hulle vir twee jaar die Here se Woord geleer het. Lees gerus Hand. 19:8-12 wat altyd 'n treffende deel in die Bybel is.

Ons moet baie meer en doelgerig vir mekaar bid.
Wees ook spesifiek wanneer jy vir iemand bid.
En as jy belowe het om te bid – moenie vergeet nie!

**Geduld gee standvastigheid van karakter**

**Romeine 5:3-5** Die Lewende Bybel: *"Maar dit is nie al waaroor ons bly is nie. Ons is ook bly as daar moeilikheid kom, want ons weet dat moeilikheid 'n mens leer om geduldig te wees. As ons geduldig is wanneer ons ly, gee dit ons standvastigheid van karakter, en as ons standvastig bly, het ons 'n vooruitsig wat baie seker is. As ons hierdie vaste vooruitsig het, word ons nooit teleurgestel nie, want God het vir ons die Heilige Gees gegee en die Gees maak ons harte vol van die wonderlike liefde wat God vir ons het."*

Geduld is die vermoë om vas te staan op God se Woord, selfs wanneer jy moet wag vir jou oorwinning om deur te breek. Ek dink geduld en lankmoedigheid is verbind aan mekaar. My verduideliking van "lankmoedigheid" is dat dit "moed is wat lank" is. Geduld is nie iets wat vanself kom nie.

In Jak. 5:7-11 praat Jakobus met gelowiges wat oor die wêreld versprei was as gevolg van vervolging. Hierdie Christene was baie arm. Vir hulle, en vir ons, leer Jakobus dat ons moet leer by 'n boer wat wag op sy oes, en hoe hy met geduld wag totdat die nodige reën gekom het. Jakobus leer hulle ook om met geduld te wag op die wederkoms van die Here. Hy wys hulle selfs op die geduld van Job, en wat God se einddoel met hom was.

Hoe baie bid ons vir geduld, maar hoop dat die Here ons nie lank sal laat wag nie. Die teks wat vir my 'n "probleem teks" is, rakende geduld, is opgeteken in Jes. 28:16. *"Hy wat glo sal nie haastig wees nie."* Glo jy soos ek, maar is jy haastig van geaardheid? Onthou ons teks sê dat moeilikheid leer ons om geduldig te wees, en dit gee ook standvastigheid van karakter.

Gelukkig het God ons die Heilige Gees gegee wat ons help.
Hy sal ons lei in al die waarheid en ons vul met Sy liefde.
Bid vir geduld wat jou standvastigheid sal gee in jou karakter.

**Geloof kan getoets word**

**Jakobus 1:2-4** Die Boodskap: *"My liewe mede-Christene, wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word. Julle weet mos hoe goed dit vir julle geestelike lewe kan wees. Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou. As dit met julle sleg gaan, leer julle juis om nader aan die Here te leef. Julle moet die Here toelaat om julle deur hierdie dinge te leer wat dit beteken om altyd net op Hom te vertrou, kom wat wil."*

Een van die sterkste voorbeelde in die Bybel van geloof wat getoets was, vind ons in die geval van Abraham toe God hom gevra het om sy seun Isak op die berg Moria te gaan offer. Ons lees daarvan in Gen. 22. Dit is moeilik om te verstaan dat Abraham sy enigste seun moes gaan offer. Baie keer gebeur daar ook dinge in ons lewe, waar ons geloof getoets word, wat vir ons moeilik is om te weet hoekom dit gebeur het. Ons teks sê dat ons opgewonde moet wees as ons geloof getoets word.

Die skrywer van Hebreërs som dit so mooi op in Heb. 11:17,18: *"Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer…want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek…"*

Ek weet nie hoe jou geloof tans getoets word nie? Maar ek weet, indien dit 'n toets is wat van God kom, sal Hy nooit toelaat dat dit teveel is vir jou nie. Dit mag lyk of jy oorweldig sal word, maar God sal Sy woord bevestig in Ps. 34:20: *"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom."* Kan ek ook Die Lewende Bybel se vertaling vir jou gee? *"'n Mens wat aan die Here gehoorsaam is, kom baie moeilikheid teë, maar die Here red hom elke keer."*

Jou geloof word getoets om seker te maak jy vertrou God.
As dit nie goed gaan nie – beweeg nader aan die Here.
God wil jou leer om totaal net op Hom te vertrou.

## Ons is 'n vriend van God

**Johannes 15:13,14** *"Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is My vriende as julle doen wat Ek julle beveel."*

Jy en ek is 'n vriend van God, indien ons natuurlik doen wat die Here ons beveel. Daar is geen groter vriend as God nie, en ons is bevoorreg dat Hy ons Sy vriend (vriendin) noem. Hy was bereid om Sy lewe vir ons as Sy vriende af te lê. Dit het Hy gedoen deur Sy Seun, Jesus Christus, wat vir ons aan die kruis gesterf het.

**Israel Houghton het hierdie wonderlike lied geskryf:**
"I am a friend of God – I am a friend of God.
I am a friend of God – He calls me friend.
Who am I that You are mindful of me?
That You hear me when I call?
Is it true that You are thinking of me?
How You love me, it's wonderful."

Dit is ook wonderlik om mense as goeie vriende te kan hê. Wil jy weet wat 'n ware vriend is? Dit is iemand by wie jy dit kan waag om jouself te wees. 'n Ware vriend sal altyd probeer om jou te verstaan, sal saam met jou kan huil, kan lag, en saam met jou bid. Hoekom is hulle só? Omdat hierdie vriende van jou ook vriende van God is.

Weet jy daar is mense in jou omgewing wat nie kan sê dat God hulle "vriend" is nie, en ook nie kan sê dat hulle iemand as ware vriend het nie. Ons stap baie keer vinnig by hulle verby. Vra die Here om jou sensitief te maak en dat jy sal uitreik nie hierdie mense – wat baie eensame en verstote mense is.

Sing dit uit dat God gesê het Hy jou vriend is.
Besluit om ook vir iemand 'n ware vriend te wees.
"A friend in need is a friend indeed."

## Het jy 'n hart wat omgee?

**Markus 6:34** *"En toe Jesus uitklim, sien Hy 'n groot menigte, en Hy het vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape sonder herder was…"*

Jesus het die beste voorbeeld vir ons gestel. Toe Hy die skare sien het Hy hulle innig jammer gekry, omdat hulle soos skape sonder herder was. Die Engelse vertaling lees soos volg: *"Jesus was moved with compassion."* "Compassion" word beskryf in 'Collins Dictionary' as: *"Compassion is a feeling, sympathy, and understanding for someone who is suffering."* Dit is dus baie meer as om net vir iemand te sê "ek dink aan jou" – dit gaan oor 'n hart wat omgee.

Om vir mense om te gee is nie net die verantwoordelikheid van die leiers in die gemeente nie, maar ook van elke gelowige. Daarom vertrou ek dat jy ook een van daardie mense is wat omgee vir ander in nood? Jy hoef nie vêr te soek vir mense in nood nie, want daar is baie van hulle in jou omgewing.

Eenkeer het iemand vir my gesê dat die kerk moet nie 'n hospitaal wees nie. My antwoord aan hom was dat die kerk (of dan die gemeente) moet juis 'n hospitaal wees wat sal omgee om mense weer gesond te kry met die beste behandeling wat hulle kan gee. Want wanneer iemand weer gesond is kan hulle weer voortgaan om ander te help.

Ek bid ernstig dat God "omgee" harte in mense sal gee.
Daarom ontvang jy nie tevergeefs hierdie boodskap nie.
Mag ek weer vra: Het jy 'n hart wat omgee?

## Bedroef nie die Heilige Gees nie

**Efesiërs 4:30** *"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."*

In die ou dae het konings belangrike dokumente verseël met hul ring wat gedruk was in waks op die dokument om dit waardevol te maak. Omdat ons waardevol vir God is het hy ons ook verseël met die Heilige Gees. Selfs die duiwel is versigtig wanneer hy God se seël op ons sien, naamlik die Heilige Gees. En onthou in ons teks staan daar *"deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."* Dit meen solank ons lewe.

Die Lewende Bybel sê die Heilige Gees is die stempel wat God op ons afgedruk het om te wys dat ons aan God behoort. Die Amplified Bybel vertaal ons teks met: *"You were sealed (marked, branded as God's own, secured) for the day of redemption…"*

Omdat die Heilige Gees bedroef kan word wys dit dat Hy Sy eie persoonlikheid het. Hy kan dus seergemaak word, maar dank God Hy kan ook bly gemaak word. Ons maak die Heilige Gees bly as ons nie lelik praat nie. (Ef. 4:29) Ons maak die Heilige Gees bly as ons nie bitterheid toelaat nie. (Ef. 4:31) Ons maak die Heilige Gees bly as ons vriendelik en vol ontferming (simpatiek) teenoor mense is. (Ef. 4:32)

Maak altyd plek in jou hart vir die Heilige Gees.
Hy is die mees "super" Gees wat daar kan wees.
En weet dat Hy elke dag jou sal lei in al die waarheid.

# Vergifnis

**Mattheus 18:21** Die Lewende Bybel: *"Later het Petrus na Jesus gekom met die vraag: Here, as my broer aanhou om iets verkeerd teen my te doen, hoeveel keer moet ek hom vergewe? Moet ek dit selfs sewe keer doen? Nee, sê Jesus. Ek sê nie net sewe keer nie, maar jy moet hom sewentig maal sewe keer vergewe."*

Vergifnis bly een van die belangrikste boodskappe in die Bybel. Selfs 'n vinnige "ek is jammer" kan ook wonders doen. Een ding moet ons verstaan oor vergifnis, en dit is dat vergifnis is soos 'n aflosstokkie. Jy word gediskwalifiseer as jy dit nie aangee nie.

Ek glo 'n mens moet nie tel hoeveel keer vergewe jy iemand nie. Wanneer Jesus die getal van "sewentig maal sewe" gebruik, wil Hy ons leer dat ons baie maal moet kan vergewe. Ons moet baie maal vergewe omdat Jesus ons so baie maal vergewe het.

Vergifnis werk soos volg: Ek moet sorg dat ek God vra om my te vergewe as ek iets verkeerds gedoen het. Moenie hard wees op jouself nie, maar vergewe jouself. Vir baie mense het ek al aangemoedig om voor 'n spieël te gaan staan en hulleself te vergewe. Doen dit waar jy alleen is en kyk jouself in die gesig terwyl jy jouself dan vryspreek. Maar vergewe ook hulle wat iets verkeerd teen jou gedoen het.

Dit gaan goed met hom wie se sonde vergewe is. (Ps. 32:1)
Leer om vinnig vergifnis te gee en ook om vergifnis te ontvang.
Spreek vry, sodat jy vrygespreek kan word. (Lukas. 6:38)

**Guns is wat ons nodig het**

**Handelinge 2:46,47** *"En dag vir dag het hulle (die dissipels in Jerusalem) eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk."*

In Hand. 2:42-47 lees ons van die nege dinge wat God gebruik het om die eerste kerk in Jerusalem te laat groei. Een van die belangrikste dinge wat God gebruik het is die guns wat die gelowiges gehad het by die volk. As gevolg daarvan het die Here by die gemeente daagliks gevoeg dié wat gered was.

Ons kan nie verwag om guns by mense te kry indien ons aggressief met hulle werk nie. Die "Evangelie" is "'n Goeie Boodskap." Wanneer jy die Woord aan ander bring, sorg altyd dat jy dit met die regte gesindheid aan hulle bring. Daar is twee maniere om brood vir iemand te gee. Die een manier is om dit vir iemand te gooi en die ander manier is om die sny brood op 'n bordjie aan iemand te gee. Net só moet ons met die evangelie maak. Elke mens is 'n skepping van God, en moet met respek hanteer word!

Ek het die volgende gelees: Favour is the highway to connect your destiny. We read in Genesis 6:8: "But Noah found Grace in the eyes of the Lord." When you are connected to favour, you are connected to grace. Favour and grace are interwoven to one another. (Skrywer onbekend)

Ons het baie guns en genade van God ontvang.
Uit dankbaarheid moet ons guns aan ander gee.
Mag goedheid en guns met elkeen van julle wees!

## Wat ons dink is belangrik

**Kolossense 3:2** *"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."*

Soos 'n mens dink so is jy! (Spr. 23:7) In Engels het iemand die volgende gesê: *"Work on your thought life."* Indien jy 'n studie maak van wat "Gesindheid" beteken sal jy uitvind dit beteken wat jy dink en wat jy voel. Ons gedagtes beheer ons hele lewe. Daarom is dit belangrik dat ons sal werk aan wat ons dink. Niemand om jou weet wat jy dink nie – dit is iets baie privaat wat net jy (en God) weet. Indien jy min van jouself dink, sal hulle wat jou skade wil doen, dit uitbuit om jou aan te val. Indien jy weet dat jy 'n oorwinnaar is, sal hulle (dit sluit die duiwel in) wat jou wil aanval, versigtig wees teenoor jou.

Iemand sê eendag, toe ek vra hoe dit gaan: *"Ek is so tussen die boom en die bas."* My antwoord aan hom was: *"Pasop, dit is waar die wurms uitbroei."* Moenie sleg dink van jouself nie. Dink wat God van jou dink. Hy sien jou as 'n nuwe skepsel en dat die ou lewe verbygegaan het en dat alles vir jou nuut geword het. (2 Kor. 5:17)

Ons het in elk geval meer goed in ons as wat sleg is. Kan ek ook hierdie stelling maak? Die meeste mense op aarde is goeie mense – daar is net sekere mense wat boos is in hulle hart. Dit is veral hierdie tipe leiers wat die baie probleme op aarde veroorsaak. Jy en ek moet die dinge bedink wat daarbo is.

Bedink alles wat loflik en lieflik is. (Fil. 4:8)
Daarom onthou: *"Work on your thought life."*
Ongelukkig moet ek sê dat net jy kan daaraan werk.

## Jou hoogste roeping

**1 Korinthiërs 1:9** *"God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, ons Here."*
Die Lewende Bybel: *"Dit is God wat julle geroep het om verbind te wees aan sy Seun Jesus Christus ons Here en Hy doen altyd wat Hy beloof het."*

Elke gelowiges het 'n roeping. Miskien voel jy dat jy geroep is om vir siekes te bid? Iemand anders glo dat hy geroep is om te sorg vir behoeftige mense. Of om in te tree as 'n voorbidder, deur te bid vir ander se nood. Ons kan 'n lang lys hierby voeg. Maar volgens ons teks is die belangrikste roeping wat ons het om verbind te wees aan Jesus Christus. In die ou vertaling word die woord "gemeenskap" gebruik en in die Engels Bybels is die woord wat gebruik word, "fellowship".

Dit beteken dat ons naby aan Jesus Christus moet leef om met Hom te gesels, Hom lief te hê, en toe te laat dat Sy Gees in ons sal heers. Ons verhouding met die Here is meer belangrik as al die dinge wat ons doen in hierdie lewe. Jy het reg gehoor: God begeer dat ons naby Hom sal leef, en nie net Hom nader in gebed wanneer ons iets van Hom nodig het nie. Daar moet dae wees dat ons niks vra van God nie, maar Hom net sal loof en aanbid. Dank Hom dat Hy voorsien in jou behoeftes, maar bó alles geniet Sy teenwoordigheid.

Onthou dit is nie 'n keuse nie, dit is jou roeping.
Moenie Hom wat jou geroep het teleurstel nie.
Ken Hom in alles wat jy doen, want Hy wil jou help.

## God se Orde

**Lukas 10:27** *"Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand…"*

Indien ons mooi kyk na hierdie teks dan is dit duidelik dat ons God in alles eerste moet stel. Dit sluit ons hart, siel, krag en verstand in. Ja, alles wat ons het, en is, behoort aan Hom. Ek het altyd geweet dat God eerste moet wees in my lewe. Maar eers nadat ons sestien jaar getroud was, het ek besef wat God se orde is: God moet eerste wees, maar dat my vrou en kinders daarna die tweede en derde plek kry. Hulle is dus voor die werk wat ek moes doen in my gemeente en in die publiek.

My skok was toe my vrou 'n afspraak met my gemaak het sodat ons kan gesels oor hierdie orde. Want ek het voorheen nie aan my vrou en kinders die regte plek in my lewe gegee, soos wat ek moes nie. Na 'n baie moeilike drie uur se gesels tussen my vrou en myself, het ons ook ons seuns ingelig oor wat God se orde vir ons gesin moet wees. Net daar het ons as gesin besluit om elke Dinsdagaand vanaf ses uur 'n gesinsaand te hou. Daar kon elkeen die kans kry om te sê wat op sy hart is en daarna het ons speletjies gespeel. Ons het ook as gesin gewerk aan ons verhouding met mekaar.

Vandag kyk ons terug, as gesin, en is dankbaar wat die Here vir ons asook in ons gemeentes gedoen het, omdat ons almal gewerk het aan God se orde in die gesin.

Ek moedig julle ook aan om God se orde te herstel.
God eerste, jou gesin tweede, en daarna volg ander.
Die Here gaan jou krag en wysheid gee om dit te doen.

## Sy vuur maak van binne af skoon

**Lukas 3:16** Die Boodskap: *"Hy het vir die skare gesê: Ek doop julle nou hier in die rivier met water. Maar 'n baie belangrike Man is op pad na julle toe...Hy sal julle met die Heilige Gees doop. Hy sal vuur in julle lewens aansteek wat julle lewens van binne af sal skoonmaak."*

'n Vuur wat ons van binne af sal skoonmaak! Dit wys die belangrikheid dat God se Gees in ons moet kom woon. Onthou Sy Naam is "Heilige" Gees. Wanneer God se Gees in 'n lewe, huis, gemeente of land inkom – dan kom daar ook heiligheid in mense se lewens. Want die Heilige Gees kan nie saamleef met onreinheid nie.

In ons eie krag kan ons nie in oorwinning leef nie, maar ons kan indien ons die Heilige Gees toelaat om ons in alle waarheid te lei. God se Gees sal jou in elk geval nie lei na plekke wat jou geestelik skade sal doen nie. Luister na God se Gees wanneer Hy met jou praat om nie in 'n plek te wees waar Hy nie tuis voel nie.

Daar kom tye dat ons heel onskuldig ons bevind op 'n plek waar God ons nie wil hê nie – verwyder dan jouself van daardie plek. Die Here sal met jou praat in jou gees om nie langer op daardie verkeerde plek te bly nie. Dit mag wees dat jy jou familie of vriende moet vra om jou te verskoon, om nie langer te bly nie – doen dit net met baie wysheid. Jy wil nie mense weg jaag van jou af nie, maar jy wil toegang tot mense behou. Ons is in elk geval in die wêreld maar nie van hierdie wêreld nie.

Mag die vuur wat God in ons aangesteek het, helder brand.
Mag ons Hom toelaat om ons deur-en-deur skoon te maak.
Die Heilige Gees is baie sensitief en kan bedroef word.

# God soek hulle wat op Hom vertrou

**2 Kronieke 16:9** Die Lewende Bybel: *"Want die Here kyk gedurig die hele aarde deur om te sien wie op Hom vertrou met hulle hele hart sodat Hy hulle met Sy krag kan help."*

Koning Asa van Juda was deur 'n vyandige koning afgesny, en kon nie 'n sekere pad gebruik om handel te dryf nie. Daarom het hy toe silwer en goud uit die tempel se skatkamers geneem en dit gegee aan Benhadad van Sirië, sodat dié Israel nie verder sou aanval nie – en hulle vrye toegang kon geniet.

Ons lees dat Hanani, die profeet, koning Asa vermaan het en vir hom daarop gewys dat hy die koning van Sirië meer vertrou het as vir God. Hy wys koning Asa op die groot oorwinnings wat hy behaal het teenoor die Kusiete en Libiërs, toe hy op die Here vertrou het. Op hierdie stadium het die profeet ons teks aan koning Asa gegee.

Ek glo dat God ons deur hierdie Skrifgedeelte ook wil herinner dat Hy gedurig kyk oor die aarde om te sien wie daar nog is wat op Hom vertrou met hulle hele hart, sodat Hy daardie persoon kan help met Sy krag. As jy God se krag nodig het, sorg dat jy met jou hele hart op Hom sal bly vertrou.

Laat dus jou lewe aan die Here oor – Hy sorg vir jou.
Die Here se oog is op jou – omdat Hy jou innig liefhet.
Jy is baie meer werd as wat jy ooit kan dink.

## Hulle wat uit die Gees gebore is

**Johannes 3:8** *"Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is."*

Jesus maak 'n baie besondere verklaring in ons Skrifgedeelte. Hy vergelyk die Heilige Gees met wind. Met die uitstorting van die Heilige Gees in Hand. 2, lees ons dat daar uit die hemel 'n geluid gekom het soos van 'n geweldige rukwind, wat die hele huis gevul het waar hulle saam was. In Eségiël 37 lees ons ook hoe die Heilige Gees oor die dor bene soos wind gewaai het. Dit het die dor bene lewendig gemaak. Mag God se Heilige Gees ook "waai" oor ons land, en die "dor bene" lewendig maak!

Ons teks leer ons dat die Heilige Gees nie beperk kan word nie. Die Gees maak soos Hy graag wil. As ons gelei word deur God se Gees gaan dit nie oor hoe ons dinge wil doen nie, maar oor hoe Hy dit in en deur ons wil doen. Al verstaan jy nie altyd alles wat met jou gebeur nie, maak net seker dat God se Gees die een is wat jou lei. Ons lees in Rom. 8:14: *"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."* Jy kan seker daarvan getuig?

Die Heilige Gees gaan waar Hy wil – wees dus altyd oorgegee aan Sy leiding net soos Hy dit in jou lewe wil doen. God ken altyd die regte en beste pad vorentoe.

Ons kan nooit die hele pad in geheel sien nie.
Maak net seker dat God met jou is op jou pad.
Lees Kol. 3:15, en besluit om daarvolgens te leef.

# Geen vrees in liefde nie

**1 Johannes 4:18** Die Lewende Bybel: *"'n Mens hoef nie bang te wees vir iemand wat jou liefhet nie. God se volmaakte liefde vir ons verdryf dan ook ons vrees. By iemand wat vir God bang is, is daar ook die vrees dat God hom sal straf. 'n Mens wat hierdie vrees het, verstaan God se liefde nog nie behoorlik nie."* Die Boodskap: *"Ware, egte liefde verdryf eenvoudig alle vrees. Iemand wat dus nog sulke vrees in hom ronddra, se lewe is nog nie heeltemal deurdrenk met God se liefde nie. En hoekom nie? Want vrees is net heeltyd bekommerd oor die straf wat kan kom."*

Daar is geen groter krag as liefde nie! My vraag is: Waar slaan jy liefde? Menende dat jy nooit kan veg teen liefde nie. Geen wonder ons teks sê dat 'n mens hoef nie bang te wees vir iemand wat jou liefhet nie. As jy ontslae wil raak van vrees in jou lewe, moet jy toelaat dat God se liefde jou lewe vervul, want dit sal vrees verdryf.

Dit is wonderlik dat ons nie vir God bang moet wees nie, maar gee aan Hom respek en eerbied. Ek dink terug waar ek 'n geestelike leier besoek het en hy besig was om sy Bybel te lees. Wat my getref het was toe ek by hom instap in sy studeerkamer het hy sy pyp bo-op die Bybel neergesit om met my te praat. Kan jy dit indink?

Wanneer vrees aan jou deur kom klop, sorg dat jy dit oopmaak met die liefde van die Here wat in jou is. Vrees sal verseker weghardloop. Sing dit uit jou hart: "O, stort dit tog uit in my siel. Die liefde van Emmánuel, O stort dit tog uit in my siel."

Lees ons teks totdat dit deel word van jou gees.
Weerstaan alle vrees wat in jou asook in jou gesin wil kom.
Mag God se liefde jou hart laat oorloop van vreugde.

**God se "kairos" tyd**

**Kolossense 4:5** "Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit."

Ons word gevra om die tyd uit te koop. Dit meen om die beste te maak van jou tyd. Daar is gewone tyd maar daar is tyd wat genoem word "kairos" tyd. Dit is 'n Griekse woord wat verwys na God se gunstige tyd. Die 'New King James' Bybel sê: *"kairos is opportune time, set time, seasonable time."*

Die boodskap in ons teks is dat ons met groot wysheid moet optree teenoor hulle wat nog nie ware gelowiges nie. Die Lewende Bybel vertaal die eerste deel van ons teks met: *"Gedra julle verstandig in julle aanraking met mense wat nog nie Christene is nie…"* Verder leer ons dat ons God se gunstige tyd as baie kosbaar moet hanteer.

In Lukas 19:41-44 lees ons dat Jesus geween het toe Hy naby Jerusalem gekom het. Die rede was dat ten spyte van al die wonders wat Jesus daar gedoen het, het hulle nie geglo nie. In Luk. 19:44 het Jesus uitgeroep, teenoor Jerusalem: *"…jy het nie die gunstige tyd (kairos) toe God jou besoek het, nie opgemerk nie."*

Tyd, en veral God se gunstige tyd, is iets baie belangrik. Ons kan nie daarmee speel nie. Jy sal weet wanneer 'n gunstige tyd jou pad langs kom – gryp dit met albei jou hande stewig vas, en gebruik dit.

Dink terug na gunstige tye wat jy nie gebruik het nie.
Besluit dan om met meer wysheid jou tyd te gebruik.
Indien jy dit gemis het, vra die Here om jou te vergewe.

## Die Here is jou voorsiener

**Deuteronomium 8:18** *"Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe (te kry)."*

Ek glo jy ken Fil. 4:19, naamlik: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."* Ons moet altyd afhanklik wees van God wat vir ons voorsien. En mag ek jou vra om nie te bid vir net genoeg nie, want God wil vir ons meer as genoeg gee.

Dit is nie 'n sonde om baie te besit nie, solank dit wat ons besit nie ons besit nie. Ons dink aan die ryk dwaas in Lukas 12. Hy het nie alles verloor omdat God nie wou sien dat hy ryk moes wees nie. In Luk. 12:21 lees ons hoekom hy alles verloor het: *"So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie."*

Nebukadnesar se probleem was dat hy nie God as sy voorsiener erken het nie. Ons lees in Dan. 4:30 van die hoogmoed wat in hom was, toe hy gesê het: *"Is dit nie die groot Babel wat <u>ek</u> opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van <u>my</u> vermoë, en tot verheerliking van <u>my</u> majesteit nie?"* Nadat hy dit gesê het, het God hom onthef van sy koningskap en was hy soos 'n dier in die veld vir sewe jaar, waar hy gras moes eet. Toe hy hom tot God bekeer het is hy weer as koning herstel.

Gee altyd God al die eer dat Hy jou voorsiener is.
Ons verdien niks, daarom is ons dankbaar vir Sy genade.
Hoogmoed kom altyd voor iemand sou val. (Spr. 16:18)

## Twee is beter as een

**Prediker 4:9,10** Die Boodskap: *"Twee is beter as een, want twee mense kan meer regkry as net een. As die een val, kan die ander een hom ophelp. Dit is sleg as die een val en daar is niemand om hom te help nie."*

Hierdie boodskap geld vir hulle wat getroud is. Die doel waarom God man en vrou in die begin van die skepping gemaak het, vind ons in Gen. 2:18. Dit lees soos volg in die Die Lewende Bybel: *"Toe sê die Here God: Dit is nie goed dat die mens so alleen is nie. Ek sal vir hom 'n maat maak wat hom kan help en wat by hom pas."* Neem kennis dat ons maats moet wees in ons huwelik.

Maar hierdie boodskap geld ook vir elke persoon. Geen mens moet alleen wees nie. Jy het iemand nodig met wie jy tyd spandeer, en met wie jy kan praat. Jy het 'n ware vriend nodig. Selfs Salomo, die slimste en rykste man wat daar was, het 'n vriend as maat nodig gehad. Lees gerus 1 Kon. 4:5.

Of jou maat, jou man of vrou is – en of dit 'n vriend is, moet jy leer watter krag daar is om saam te kan stem. In Matt. 18:19 het Jesus een van die grootste waarhede met ons gedeel. Dit lees so: *"As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."*

Wees 'n maat in jou huwelik – en ook vir iemand anders.
Daar is geweldig baie 'alleen lopende' mense op aarde.
Strek jou hand uit na iemand wat in eensaamheid lewe.

**Jy is God se gesalfde**

**1 Kronieke 14:8** *"Toe die Filistyne hoor dat Dawid as koning oor die hele Israel gesalf was, het al die Filistyne opgetrek om Dawid te soek. Toe Dawid dit hoor, het hy teen hulle uitgetrek."*

Die duiwel hou nie van mense wat deur God gesalf is nie. Hy sal verseker teen hulle optrek om hulle skade te doen. Leer by Dawid: Moenie net verdedig nie, maar wees gereed om die vyand aan te val. Staan nie terug vir enige geveg teen die siele-vyand nie, want in jou is die Heilige Gees met wie jy gesalf is.

Neem opnuut kennis wat geskrywe staan in 1 Joh. 2:20,27: *"En julle het die salwing van die Heilige Gees…En die salwing wat julle van Hom ontvang het, <u>bly in julle</u>, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie…"* Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"Daarom is dit nie nodig dat daar iemand anders moet kom om julle te leer nie. Sy Gees leer julle mos in alle opsigte die waarheid…"*

Ek is ook so dankbaar dat Johannes geskryf het in 1 Joh. 4:4: *"Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is."* Jy wat gesalf is deur die Heilige Gees, moet vir jouself sê dat Hy wat in jou is groter is as enige iets wat in die wêreld is. Daarom hoef jy nie te vrees vir enige aanval van die vyand nie. Volgens Ps. 92:2 moet jy dit hardop sê dat die Here jou toevlug en skuilplek is.

Neem kennis dat die vyand sal jou wil aanval.
Weet dat God jou gesalf het, met Sy Gees, om te oorwin.
Deur Jesus Christus is jy meer as oorwinnaar. (Rom. 8:37)

## God se Woord is onbeperk

**Psalm 107:20** *"Hy het Sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red"*

Moet nooit 'n beperking op God se Woord sit nie. Sy woord maak vry van vrees; vry van tradisie; vry van negatiewe gedagtes, vry van sondige gewoontes. En dank God, vry van siektes! Daar is geweldige krag in God se Woord. Daarom deel ek graag die volgende met jou. Dit het met Israel as volk gebeur nadat hulle 430 jaar as slawe in Egipte was. Ek glo daar het 'n massa genesing onder hulle plaasgevind.

Die rede dat ek glo wat ek hierbo geskryf het, vind ons in Ps. 105:37: *"Toe het Hy (God) hulle (Israel) laat uitgaan (uit Egipte) met silwer en goud en onder sy stamme was daar niemand wat struikel nie."* Dit beteken dat, toe hulle Egipte verlaat het, was niemand onder Israel siek nie. Na al die mishandeling en swaarkry, het Israel as 'n nuwe volk uitgetrek na hulle beloofde land.

Dink ook aan Sara, wat geboorte gegee het aan Isak toe sy negentig jaar oud was. Sara was op hierdie hoë ouderdom so mooi dat koning Abimeleg haar as vrou vir homself begeer het. Geloof in God kan jou fisiese liggaam nuut maak. Daarom hou ek van Ps. 92:15, in die Nuwe Vertaling, wat so lees: *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*

Moet nooit enige beperking op jou geloof plaas nie.
Vertrou jy God vir genesing of finansies? Glo Sy Woord.
God stuur vandag Sy Woord na jou om te genees.

## Die sorge van die lewe

**Lukas 12:22,23** *"En Hy (Jesus) het aan Sy dissipels gesê: Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe, wat julle sal eet, of oor jul liggaam, wat julle sal aantrek nie. Die lewe is meer as die voedsel en die liggaam as die klere."*

Dit is 'n algemene ding om jou te kwel. Ons staan soms verbaas hoe ons dit kan doen. Ek het deur die jare uitgevind dat die meeste dinge wat ons vrees nooit sal gebeur nie. Al wat ons moet doen vind ons in Ps. 34:10: *"Vrees die Here, o sy gelowiges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie."* Hierdie vrees is om ontsag en respek vir die Here te hê.

In Matt. 6:31,33 lees ons ook dat ons nie bekommerd moet wees oor wat ons sal eet en drink nie, of selfs wat ons sal aantrek nie. Verder moet ons eers God se dinge soek, dan sal Hy alles wat ons nodig het aan ons gee. Dank die Here vir die belofte in Fil. 4:19: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."*

Onthou dat die Here se skouers baie groter en sterker is as joune. Jy kan Hom dus volkome vertrou om al jou laste op Hom te neem. Sy hand is nie te kort om jou te help nie en Sy oor is nie doof dat Hy jou nie sal hoor nie.

Moenie moeg word om jou sorge na Jesus te bring nie.
God wil jou graag help in alles waarvoor jy Hom vertrou.
Onthou dat jou lewe baie meer werd is as die tydelike dinge.

## Geen wapen sal jou oorwin nie

**Jesaja 54:17** Die Lewende Bybel: *"Maar geen wapen wat gemaak is om teen jou te veg sal iets kan uitrig nie. Enige aanklag wat teen jou gemaak word sal jy kan weerlê. Dit is die erfenis wat Ek my diensknegte gee, en Ek laat hulle die oorwinning behaal. Dit is wat die Here self gesê het."*

Neem kennis van die volgende woorde wat in ons teks gebruik word, naamlik "geen wapen" en "erfenis". Jy moet dus glad nie bang wees vir enige wapen wat die vyand teen jou wil gebruik nie. Volgens Ef. 6 het God aan ons die sterkste wapens wat daar is gegee, om die vyand te oorwin. Neem weer kennis wat hierdie wapens is.

Dan verneem ons dat, wat God aan ons beloof het, is ons erfenis. 'n Erfenis is iets wat jy ontvang sonder dat jy daarvoor gewerk het. Want 'n erfenis ontvang jy deur guns en genade. Moet dus nie angstig raak as die duiwel jou of jou gesin aanval nie. Hy mag dit doen maar sy wapens sal jou nie oorweldig nie. 1 Kor. 10:4 lees soos volg in Die Lewende Bybel: *"Ek gebruik dan ook nie die wapens waarmee mense veg nie, maar die magtige wapens wat God ons gee om die stellings van die duiwel af te breek."* Kyk weer na die beloftes wat God jou gegee het en wat jy aangeteken het in jou Bybel.

Bid dan hierdie gebed: *"Here, ek weier om bang te wees vir enige wapen wat die duiwel teen my wil gebruik, want ek ken die krag van U Woord wat sê dat die duiwel se wapens sal niks kan uitrig nie. Ek glo dit in Jesus se Naam. Amen"*

Skuil by die Here en jy sal beskerming geniet.
Selfs enige aanklag teen jou sal jy kan oorwin.
Ons teks sluit af met: *"Dit is wat die Here self gesê het."*

**Liefde is die belangrikste**

**1 Korintiërs 13:13** Die Lewende Bybel: *"Daar is dus drie dinge wat nie verbygaan nie. Dit is die vertroue op God, die vooruitsig op die dinge wat God beloof het en die liefde. En van hulle is liefde die belangrikste."*

Al sou iemand goed kon preek, en al sou hy kan profeteer óf selfs kragtige dade kan doen – maar hy het nie liefde nie, ontbreek hy die belangrikste naamlik liefde.

Die beste beskrywing van liefde vind ek in Die Lewende Bybel se vertaling wat ons vind in 1 Kor. 13:4-7: *"Om lief te hê, beteken om geduldig en vriendelik te wees. Dit beteken ook om goeie dinge vir ander mense te gun en nie te spog of hoogmoedig te wees nie. 'n Mens wat ander liefhet, is nie onmanierlik nie en dink nie net aan homself nie. Hy word nie gou kwaad nie en hou nie boek van die onreg wat ander mense teen hom doen nie. Oor verkeerde dinge kan hy nooit gelukkig wees nie. Dit is net die waarheid wat hom gelukkig maak. As jy iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute. Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie."*

Volgens Rom. 5:5 word liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees. Kom ons vra Hom dan om meer liefde aan ons te gee. Ek wil vra dat ons nie net moet bid vir liefde nie, maar ons harte oopmaak om liefde te ontvang. Waar jy en ek beweeg moet ons geken word deur die liefde wat uitvloei uit ons harte na ander.

Ons sal geken word as Sy dissipels deur die liefde. (Joh. 13:35) Liefde vir ander bring guns tot bevordering van die evangelie. Begeer dus die belangrikste, naamlik God se liefde.

## Hoe dink en voel jy?

**Filippense 2:5** *"Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was."*

Gesindheid is wat jy dink en voel. Die 'Collins Dictionary' stel dit soos volg: *"Your attitude to something is the way that you think and feel about it, especially when this shows in the way you behave."* Daarom vra ek die vraag aan jou: Hoe dink en voel jy?

Die 'Amplified Bible' vertaal ons teks met: *"Let this same attitude and purpose and (humble) mind be in you which was in Christ Jesus."* Indien ons die manier van hoe ons dink kan verander, sal ons lewe verander. Ons geestelike geveg vind juis plaas in ons kop. Ons blameer die duiwel vir baie dinge, maar as ons reg kan dink sal ons die meeste van ons probleme kan oorwin.

Iemand het eenmaal gesê: *"As jy dink jy het gearriveer, is jy nêrens op pad nie."* Moenie teveel van jouself dink en hoogmoedig wees nie, want dan is jou val baie naby. Aan die anderkant moenie te min van jouself dink nie – sien jouself soos wat God jou sien. In Hom is jy meer as oorwinnaar en is jy 'n nuwe skepsel. Die Boodskap vertaal 2 Kor. 5:17 met: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe hier."*

Dink reg en maak seker dat jy die korrekte gevoel toelaat.
Jy is die enigste mens wat aan hierdie dinge kan werk.
Glo ook dat alles werk mee ten goede, volgens Rom. 8:28.

## Wees lief vir jouself

**Efésiërs 5:29** Die Boodskap: *"Ek het nog nie van iemand gehoor wat homself vurig haat nie. Nee, hy kyk liewer na homself en versorg homself mooi."*

As jy jouself verkleineer dan verkleineer jy God se skepping. Ek kan nie dink daar is mense wat hulleself nie liefhet nie. Hoe kan ek ander liefhê indien ek myself nie liefhet nie? Ek het hierdie al dikwels op die gholfbaan met my vriende gedeel as ek sien hoe kwaad hulle raak wanneer hulle nie 'n goeie hou geslaan het nie.

Om onsself lief te hê is nogal 'n groot uitdaging wat ons moet hanteer. Ons leef in 'n gemeenskap waar baie mense nie veel van hulself dink nie – en baie haat hulleself. Baie keer was hierdie saad gesaai in 'n kind se lewe deur ouers, wat hulself nie lief gehad het nie. Ek vra dat elke ouer die boodskap van liefde duidelik sal oordra aan hulle kinders. Die boodskap is om God lief te hê, hulle familie, maar ook dat hulle hulself sal lief hê. Praat nie eers van ander mense nie. Die Bybel leer ons ook dat ons selfs ons vyande moet liefhê.

Weet dat ons gemaak is na God se beeld (Gen. 1:26) Lees weer Ps. 139 dan sal jy sien hoe wonderlik God jou gemaak het. Die duiwel haat jou en jou liggaam omdat hy weet dat jou liggaam is die tempel van die Heilige Gees, en dat jy duur gekoop is volgens 1 Kor. 6:19. Ek vra weer dat jy sal lief wees vir jouself.

God het jou gemaak, en jy is vir Hom baie kosbaar.
Ps.139:14 (NKJ) *"I am fearfully and wonderfully made."*
Aanvaar dus hoe God jou gemaak het. (Jes. 45:9)

## God se engele beskerm ons

**Psalm 34:8** *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."*

Die Boodskap: *"Die Here stuur Sy engele om mense te beskerm wat Hom dien. Hy verlos hulle wat Hom dien."*

New King James: *"The angel of the Lord encamps all around those who fear Him. And delivers them."*

Dit is wonderlik dat die engele nie net ons besoek vir 'n kort tydjie nie, maar dat hulle eintlik kamp opslaan om by ons te bly wanneer ons hulle nodig het. Daarom hou ek van die vertaling van die 'New King James' Bybel, wat die woord "encamps" gebruik.

Jy hoef nooit bang te wees vir enige aanval van die vyand nie. Maak net seker dat jy die Here vrees – wat beteken dat jy ontsag en eerbied het vir Hom. Daar is meer as drie honderd verse wat praat van om God te vrees in 'n positiewe wyse. Die eerste gelowiges het gewandel in die vrees van die Here. (Hand. 9:31)

Sou jy agter kom dat daar aanvalle op jou en jou familie is, moedig ek jou aan om hierdie Skrifgedeelte in Ps. 34:8 as 'n wapen te gebruik teen sulke aanvalle. Behou jou vrees vir die Here en weet dat Hy Sy engele opdrag sal gee om laer om jou en ook om jou geliefdes te trek. Geen mag sal daardeur kan breek nie.

Niemand kan jou uit God se hand ruk nie. (Joh. 10:28)
Lees nie net Psalm 91 nie, maar "sê" dit dat jy dit kan hoor.
Hy wat in jou is, is groter as dit wat in die wêreld is.

# Leef in vrede

**Romeine 12:17,18** Die Boodskap: *"Moenie net regsit om ander mense in eie munt terug te betaal as hulle iets verkeerds aan julle gedoen het nie. Doen liewer goeie dinge sodat ander mense kan sien dat julle God dien. Doen van julle kant af alles in julle vermoë om in vrede met ander mense te leef."*

Die Bybel se boodskap is duidelik dat ons, alles moet doen, om in vrede te leef met alle mense. Die 1953 vertaling van Rom. 12:18 lees soos volg: *"...as dit moontlik is, sovêr as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."* Neem kennis: Sovêr dit van jou afhang, moet jy in vrede lewe met alle mense.

Ons weet daar is mense met wie jy nie maklik oor die weg kan kom nie. Maar dit sal geen verandering bring aan die Bybel se boodskap nie. Jesus het dit baie treffend gestel in Matt. 5:9: *"Salig (geseënd) is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."* Die vraag is dan: Is dié wat nie vrede wil maak nie, dan nie 'n kind van God nie?

Moet dus nie ander in eie munt terug betaal nie, maar besluit om eerder goed te wees vir hulle. Dié wat God dien moet uitgeken word teenoor die wat Hom nie dien nie, soos wat ons lees in Mal. 3:16. Daar moet 'n duidelike verskil wees tussen ons wat God se kinders is teenoor hulle wat Hom nie dien nie.

Om in vrede te leef is 'n besluit wat jy neem.
Om goed te doen aan ander is ook 'n besluit.
Doen alles wat jy kan om in vrede te leef.

**God weet alles van jou**

**Psalm 139:2,3** *"Here, U deurgrond en ken my. U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte."*
Die Lewende Bybel: *"Here, U ondersoek my lewe en U weet alles van my af. U weet van elke beweging wat ek maak en U ken my gedagtes deur en deur."*
Die Boodskap: *"Here, U kyk of ek eerlik is en vertrou kan word. U weet wat gaan hier binne-in my aan. Ek kan niks wat ek doen, vir U wegsteek nie. Nog voordat ek iets doen, weet U wat dit gaan wees."*

Psalm 139 is een van die treffendste Psalms wat Dawid geskryf het. In hierdie Psalm word baie groot waarhede neergeskryf. Dit begin met die stelling dat God alles van ons weet. God weet wat ons dink, waar ons gaan – ja God ken die diepste dele van ons as mens. Hy word nooit onkant gevang oor enige iets wat ons doen nie.

En wanneer jy verder lees sal jy vind dat dit nie iets negatiefs is wat Dawid hier sê nie. Want Dawid sê in vers 5: *"U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my."* Dit spreek van God se beskerming oor my. God weet alles van jou, daarom kan Hy jou beskerm, soos wat Hy ook beloof het in Psalm 91.

Dit is so dat daar soms dinge met ons gebeur, dat jy wonder hoekom het dit oor jou gekom. Ek kan nie almal jou vrae beantwoord nie, maar weet van die teks in Rom. 8:28, wat soos volg lees: *"En ons weet (of moet ek byvoeg dat ons behoort dit te weet?) dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is."*

Neem kennis van die waarheid in ons Skrifgedeelte.
Lees dit oor-en-oor om dit beter te begryp.
Wees dankbaar dat God alles van jou weet.

## God werk in ons

**Filippense 2:12,13** *"Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae."*

Dit kom hierop neer dat ons die redding wat God in ons begin het, by ons nuwe geboorte, moet "uitwerk" – deur dit in die praktyk uit te leef.

Vanaf Fil. 2:14 verduidelik Paulus hoe ons moet voortbou op dit wat God in ons gedoen het. Die eerste wat hier genoem word is dat ons alles doen sonder om te kla of daaroor te argumenteer. Ook dat ons sal werk aan ons eerlikheid en dat ons so moet leef dat niemand ons kan beskuldig nie. Ons lees in Fil. 2:15,16: *"Julle moet tussen hulle (die wêreld) lewe soos 'n lig wat in die donker skyn want julle dra die boodskap wat aan 'n mens die lewe kan gee."* (Die Lewende Bybel)

Moontlik is God besig om in jou te werk omdat Hy 'n spesiale opdrag vir jou het? Ek dink aan Nehemia wat gewoon het in Persië en in diens was van sy koning. Daar het hy verneem van die mure van Jerusalem wat stukkend was en dat die poorte van die stad verbrand was. (Ons lees daarvan in Nehemia 1) Nehemia se koning gee hom toestemming om terug te gaan na Jerusalem om die stad weer te gaan opbou. Dit was God wat in hom gewerk het om dit te doen. Is daar iets wat jy moet gaan opbou vir die Here se koninkryk?

Luister na dit wat God besig is om in jou hart te doen.
Werk ook saam met God met die grootste respek.
"Find out where God is working and join Him."

# God se seën is onbeskryflik

**Deuteronomium 29:4** God het die volgende vir Israel gesê met hul trek vanaf Egipte na Kanaan: *"En Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn laat trek; julle klere het aan julle nie verslyt nie, ewemin jou skoen aan jou voet."*

Hierdie teks klink asof dit nie waar kan wees nie. Maar dit is juis opgeteken om aan ons te wys hoe God kan voorsien. God se seën is Sy onverdiende genade. Hy seën ons nie omdat ons dit verdien nie, maar net omdat Hy so 'n wonderlike God is. Ons moet ook kennis neem dat die Here ons seën nie net omdat ons in Sy wil is nie.

Israel was nie altyd in God se volkome wil in die wildernis nie en tog het God hulle so geseën dat hulle klere nie verslyt het of dat hulle skoene nie deurgeloop het nie en dat hulle voete nie eers geswel het nie. (Dit staan geskrywe in Deut. 8:4)

Toe Israel uitgetrek het uit Egipte, nadat hulle vir 430 jaar slawe was, het hulle nie met leë hande weggetrek nie. Vogens Ex. 12 en Ps. 105:37 het hulle met goud en silwer Egipte verlaat. Waarlik ons dien 'n God wat voorsien, soos wat Hy ons weer belowe het in Fil. 4:19. Wat 'n voorreg om 'n God soos Hy te mag ken en dien!

Voorwaar, God se seën is onbeskryflik.
Daarvoor is ons baie dankbaar teenoor Hom.
Tel jou seëninge een vir een, en weet God laat jou nie alleen.

## Die dinge wat tot ons vrede dien

**Lukas 19:41,42** *"En toe Hy (Jesus) naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek."*

Hoe dom kan ons net nie wees nie, om nie die dinge te doen wat ons vrede gee nie? As ek net dink aan die huwelik, dan weet ek dat die Here nie ons as man's se gebede sal verhoor indien ons nie mooi werk met ons vroue nie. Lees gerus weer die teks in 1 Petrus 3:7. Ek gee graag die volgende boodskap aan elke man: "A happy wife is a happy life."

Daar is 'n uitstaande Skrif oor ons onderwerp in Jak. 3:17, 18 opgeteken in Die Boodskap vertaling: *"Maar as 'n mens leef soos God dit in Sy wysheid bedoel het, sal jou lewe heeltemal anders lyk. Dit sal 'n lewe wees waarop die sonde geen houvas het nie. So iemand sal in vrede met ander mense saamleef; hy trap nie op ander nie, maar neem hulle gevoelens in ag; so 'n persoon is ook nie dwarstrekkerig en moeilik om mee saam te werk nie; hy vergewe ander maklik en doen graag dinge vir ander sonder om iets terug te verwag; wat hy doen, sal altyd net goed vir ander wees. Hy sal nie op 'n onregverdige manier kant kies nie. Jy sal altyd weet waar jy met hom staan. Soos hy voor jou is, so is hy ook agter jou rug. Dit is belangrik om in vrede met mekaar te leef. Sorg dat waar jy gaan, vrede jou soos 'n skaduwee sal volg. Om in vrede met mekaar te leef is reg en mooi voor God."*

Jesus sê in Joh. 16:33: *"Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê."*
Ons sal nie vrede besit as ons nie in Hom bly nie. (Joh. 15:5,7)
Ons bly in Hom as ons Hom dien en lief is vir Sy Woord.

## Eer God met jou inkomste

**Spreuke 3:9,10** *"Vereer die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos."*

Die Lewende Bybel vertaal Spreuke 3:9 met: *"Eer die Here met jou besittings."* As jy verlang dat die Here jou moet seën, ook met die tydelike dinge wat jy nodig het, dan moet jy Hom eer deur die "eerstelinge" van jou inkomste aan Hom te gee. Hierdie woord "eerstelinge" beteken die eerste deel van jou inkomste. Volgens wat ons lees in Mal. 3:8-12, verwys dit na die eerste tiende deel van jou inkomste.

Ek deel die getuienis van Gloria Copeland, wat ek aanhaal uit 'Geloof tot Geloof': *"Toe ek en Ken Copeland (die bekende Tv prediker) getroud is, was ons in 'n verskriklike finansiële posisie. Ons het vir baie jare in daardie posisie gebly, omdat ons nie ons tiende gegee het nie. Toe neem ons op 'n dag 'n vaste besluit dat ons tiende sou gee, maak nie saak wat nie. Dit is toe dat ons uit ons finansiële probleme begin kom het. Toe ons God met ons geld begin eer deur ons tiende te gee, het Hy ons op wonderbaarlike manier gehelp met ons finansies."*

Ons moet altyd onthou, dat alles wat ons besit is te danke aan die Here se genade. Geen wonder dat God die volgende aan Israel gesê het in Deut. 8:18: *"Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe."* Moet nooit dink dat wat jy besit gekom het net deur jou vermoë nie. Daardie fout het die ryk dwaas in Lukas 12 gemaak. Dit is nie 'n sonde om aardse goed te besit nie, maar dit is 'n sonde as daardie dinge my besit.

Sorg dat God in alles eerste is in jou lewe.
Besluit om 'n gewer te wees – dit is die regte ding.
Ek vra: Eer die Here met jou besittings.

**Reën is 'n teken van vergifnis**

**Joël 2:23** *"En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die Here julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen."*

The Life Application Bible: *"Rejoice, O people of Jerusalem, rejoice in the Lord your God! For the rains He sends are tokens of forgiveness…"*

Tans is daar dele van ons land (soos die Oos Kaap) wat geweldig droog is! Ek glo dat reën 'n teken is van vergifnis, soos wat die Engelse vertaling van ons teks dit stel in 'The Life Application Bible'. Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Die reën wat van Hom af kom, is 'n teken dat Hy regtig vir julle omgee."*

Droogte kan in elke geval nooit 'n seën wees nie! Maar wanneer dit reën kry ons die boodskap dat God regtig omgee vir ons. Neem kennis vandag dat Hy waarlik omgee vir jou, en dat Hy jou in jou behoeftes wil help. Moet nooit dink dat die Here jou nie wil help nie en jou vergeet het. Jesus het baie duur vir jou betaal aan die kruis juis om vergifnis 'n werklikheid te maak.

Kom ons bid nie net gereeld vir reën wat ons nodig het nie, maar kom ons bid ook vir geestelike reën oor ons gesinne asook oor ons lieflike land. Elke keer wanneer dit reën sal dit tot ons spreek van God se vergifnis wat daar is vir ons.
In 1 Joh. 1:7 is daar geskrywe: *"Die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde."*

Dank die Here vir elkeen wat bid vir die nodige reën.
Maar laat ons ook God dank vir geestelike reën.
Want reën, wat die Here stuur, is 'n teken van vergifnis.

## Vreugde-olie vir treurigheid

**Jesaja 61:1,3** *"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart…om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees."*

Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"Hy gee vreugde in die plek van hartseer, 'n loflied in plaas van moedeloosheid."*

Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Hulle sal ophou treur en baie bly word. Hulle moedeloosheid sal plek maak vir vrolikheid. Hulle sal wees soos regop bome wat die Here geplant het om te wys hoe groot Hy is."*

Dit is moontlik dat 2022 nie 'n goeie jaar vir jou was nie, en moontlik ook nie vir jou geliefdes nie? Nou lê daar weer 'n onbekende jaar voor ons. Gelukkig het ons die goeie nuus in ons Skrifgedeelte – daaraan kan ons vashou. God hou hierdie jaar in Sy hand – maar Hy hou ook vir jou in Sy hand!

Ek bid dat die Here vir jou vreugde sal gee in enige hartseer wat daar in jou is. Mag enige moedeloosheid plek maak vir vrolikheid. En soos die teks dit so treffend stel in Die Boodskap, mag jy wees soos 'n regop boom wat die Here geplant het om te wys hoe groot Hy is.

Omdat God aan jou vreugde en 'n loflied wil gee, kan jy jou kop optel. Moenie een oomblik toelaat dat iets negatiefs jou gedagtes sal beïnvloed nie. Glo en bely elke belofte in die Bybel. Baie keer wanneer ek mense gelukwens met hulle verjaarsdag, dan sê ek vir hulle: "As niemand jou nie bederf nie, bederf jouself." Probeer dit gerus.

Mag jy geseënd wees in alles wat jy doen.
Spreek seën uit oor ander en bemoedig soveel jy kan.
Dra die boodskap van ons teks ook oor aan ander.

## Kwel jou nie oor jou liggaam nie

**Romeine 4:18,19** *"Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: 'So sal jou nageslag wees.' Al was hy sowat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie."*

Abraham het hom nie gekwel oor sy liggaam nie, want dan sou hy nie veel geloof gehad het om te glo in God se beloftes oor hom nie. God het beloof dat deur hom sal daar 'n groot nasie kom, en sal die aarde ook geseën word.

Ek is nie daarteen dat jy moet luister na jou liggaam nie. Want my Apteker het my eenmaal die goeie raad gegee om wel na my liggaam te luister, omdat niemand presies weet wat in my liggaam aangaan, behalwe ek nie. Dit verstaan ek heeltemal. Maar moenie toelaat dat jy teveel fokus op jou liggaam en dit jou geloof in God sal benadeel nie. Fokus op God se woord en die wonderlike beloftes wat Hy aan jou gegee het.

As jy besef dat jy nie meer die kragte soos voorheen besit nie, wil ek jou aanmoedig om te glo soos wat ons lees in Ps. 92:15 in die 1983 vertaling: *"Self in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."* Hierdie belofte word gegee aan hulle wat deur God gesalf is met Sy olie. Ps. 92:11: *"U verhoog my horing soos die van 'n buffel; ek is met vars olie gesalf."* (1953 vertaling) Mag God jou ook dag vir dag versterk.

Moet net nooit ophou om op God te vertrou nie!
Selfs al wil jy bekommerd raak oor jou liggaam.
"Moenie julle kwel oor julle lewe of oor julle liggaam nie."
(Luk. 12:22)

## Bid in die Gees

**Judas vers 20** *"Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid."*

Vergelyk die bid in die Gees, soos die aanskakel van 'n radio. As jou radio nie op presies die regte frekwensie ingestel is nie, sal jy nie die stasie kry wat jy soek nie. Dit is nie die radiostasie se skuld as jy nie die regte konneksie kry nie – want dit stuur die perfekte seine uit. Die probleem is dat jy nie op die regte plek ingestel is nie. Wanneer jy in die Gees bid dan skakel jy in op die regte frekwensie.

Ons kan met die verstand bid – daar is niks verkeerd daarmee nie – maar ons moet ook leer om in die Gees te kan bid. Kyk weer mooi na Rom. 8:26: *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."* Was daar al tye in jou lewe dat jy gevoel het jy maak nie kontak met God nie? Dank God vir ons teks wat ons leer dat ons in die Gees kan bid. Dit is wanneer jou gebed diep uit jou binneste kom en nie net uit die verstand nie.

Wanneer jy dus weer bid oor 'n dringende saak, sorg dat jy bid totdat jy gewaar dat jou gebed vanuit jou gees kom. Jy sal uitvind dat, soos ons teks dit stel, jy jouself sal opbou in jou geloof.

Dit is voorwaar 'n voorreg om te kan bid.
Dit is ook wonderlik dat God na ons luister.
Moet nooit ophou om ernstig te bid nie.

## Jy is 'n regverdige

**Romeine 3:22,25** *"Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle (wat gesondig het) word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus is."*

'n Regverdige is nie iemand wat super heilig is, of nie kan sondig nie. Dit is iemand wat sonder blaam (sonder enige skuld) voor God kan staan, of anders gestel, iemand wat in die regte verhouding tot God is. As dit jou lewe beskryf, dan is jy 'n regverdige.

**Kyk net na die voordele van iemand wat kan sê dat hy/sy 'n regverdige is:**

Ps. 92:13: *"Die regverdige sal groei soos 'n palmboom"*

1 Pet. 3:12: *"Die oë van die Here is op die regverdige en Sy ore tot hulle gebed."*

Ps. 5:13: *"Want U seën die regverdige, o Here, U omring hom (haar) met welbehae soos met 'n skild."*

Baie is geneig om Rom. 3:23 te onderstreep. Onderstreep eerder Rom. 3:24 en doen jouself 'n guns deur te glo dat jy sonder verdienste geregverdig is. Fokus ook op dié Skrifte wat jou geloof in God sal versterk. Bou jou geloof met God se Woord, en moedig ander ook aan met die Skrifgedeeltes wat die Here vir jou gee. Miskien is dit net wat iemand nodig gehad het op daardie oomblik?

Ek glo ons kan saam met Dawid uitroep?

*"Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie."*

(Ps.37:25)

## **Werp jou laste op die Here.**

**1 Petrus 5:7** *"Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."*

Dit is treffend dat die woord "werp" gebruik word in 1 Pet. 5:7 asook in Psalm 55:23. In Psalm 55 lees ons van die baie druk wat Dawid ervaar het. En wanneer jy Ps. 55 lees dan hoor jy hoe roep hy na God in die woestyn. Hy begin deur te sê: *"o God, hoor my gebed en verberg U nie vir my smeking nie. Luister na my en verhoor my; in my onrus dwaal ek rond en is verward… My hart krimp inmekaar in my binneste… Vrees en bewing kom oor my, en angs oordek my."*

Gelukkig kon Dawid uitroep in vers 23: *"Werp jou sorg op die Here, en hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie."* Hy gee hierdie raad aan ons maar eintlik ook aan homself. Maak met jou laste (dit wat swaar op jou rus) soos wat Dawid gedoen het.

Dit is treffend dat die woord "werp" ook hier gebruik word. Die 'New King James' vertaal Ps. 55:23 met: *"Cast your burden on the Lord, and He shall sustain you; He shall never permit the righteous to be moved."* En 'The Amplified Bible' het dit vertaal met: *"Cast your burden on the Lord [releasing the weight of it] and He will sustain you; He will never allow the righteous to be moved (made to slip, fall, or fail)."*

Die boodskap aan ons is om nie ons laste self te dra nie.
"Gooi" dit weg van jou af. Werp jou laste op die Here.
Daar is niemand soos Hy, wat vir jou sal sorg nie.

## Vertel wat God vir jou gedoen het

**Psalm 66:16** Die Lewende Bybel: *"Kom luister, julle almal wat God aanbid, dan vertel ek julle wat Hy vir my gedoen het."*

Ons moet nooit skaam wees om te vertel wat die Here vir ons gedoen het nie. Want as ons stil bly sal die klippe uitroep. Ek verwys na die dag toe Jesus op 'n eselsvul ingekom het in Jerusalem. Die skare was bly en het Hom geloof en prys, terwyl die Fariseërs hulle stil gemaak het. Jesus se reaksie op wat die Fariseërs gedoen het, vind ons in Lukas 19:40: *"Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep."* Sê dus vir jouself, dat waar jy beweeg sal die klippe nooit uitroep nie!

Ek vra, hoe kan ons stilbly as die Here groot dinge vir ons gedoen het? Ek onthou nog toe ek as 'n jong seun tot bekering gekom het, hoe ek vir almal wou vertel het hoe ek Jesus aangeneem het as my Saligmaker volgens Joh. 1:12. Ja, ek was bespot, maar niks kon my keer om dit te doen nie. Neem kennis: As ons skaam is vir Jesus sal Hy skaam wees vir ons.

Moenie aan mense vertel wat God vir jou gedoen het indien hulle nie wil luister nie. Jesus het ook Sy dissipels geleer dat wanneer hulle in 'n stad kom moet hulle soek waar 'n man van vrede woon en dan aan hom en sy mense die evangelie verkondig. (Matt. 10:11-14)

Ons teks sê: *"Kom luister, julle wat God aanbid."*
Vertel aan hulle wat wil luister wat Christus vir jou gedoen het.
Wees altyd sensitief sodat die Heilige Gees jou sal lei.